



## **DEEL III:**

# **NAVORSINGSGETUIENISSE, BESPREKINGS EN GEVOLGTREKKINGS**

## HOOFSTUK 10

### INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

- 1. INLEIDING**
- 2. WAARDEPRIORITEITE**
- 3. DIE OORDRA VAN WAARDES**
- 4. METODOLOGIESE BYDRAE**
- 5. TEORETIESE BYDRAE**
- 6. IMPLIKASIES VAN HIERDIE STUDIE**
- 7. AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE**
- 8. SLOTOPMERKING**

## HOOFSTUK 10

### INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

#### **1 INLEIDING**

Om tot gevolgtrekkings te kom is begrip en verklarende interpretasies van die data nodig (Mouton, 1996:168). In die voorafgaande hoofstukke is bepaalde afleidings gemaak en tot gevolgtrekkings gekom. In hierdie hoofstuk word verdere interpretasies, gevolgtrekkings en opsommings gemaak en die volgende aspekte word hanteer:

- Waardeprioriteite, die faktore wat dit moontlik kan beïnvloed en die funksionering van waardes.
- 'n Opsomming van die etniese groepe se waardeprioriteite.
- Die oordra, aanleer en vorming van waardes.
- Metodologiese bydrae.
- Teoretiese bydrae.
- Implikasies van hierdie studie.
- Aanbevelings vir verdere studie.

#### **2 WAARDEPRIORITEITE**

Waardeprioriteite word bespreek onder die volgende hoofde: algemene waardeprioriteite; gedragspatrone en faktore betrokke by die kern en perifere gesinsekologiese waarderreine; teorieë wat die funksionering van interne en eksterne invloede verklaar sowel as die kontekste soos onder andere die verskillende etniese groepe van hierdie studie.

Die navorsing het, uit die data van die onderhoude, vraelyste en die skaal vir waardes, die waardes volgens belangrikheid in Tabel 10.1 gegroepeer. Sodoende is 'n beter beeld van die waardeprioriteite verkry. Hierdie groepering dui tendense aan en word van die ander data onderskei deur dat dit algemene waardeprioriteite genoem word.

**TABEL 10.1: ALGEMENE WAARDEPRIORITEITE VAN DEELNEMERS**

<b>Belangrik</b>	<b>Minder belangrik</b>	<b>Mins belangrik</b>
Verhoudings	Nasionaal	Omgewing (Natuur)
Veiligheid	Ontspanning	Esteties
Self	Kultuur	Outoriteit
Lewe		Polities
Religieus		
Liggamlik		
Gemoed		
Moreel		
Beroep		
Reg		
Ekonomies		
Intellektueel		
Tyd-ruimtelik		

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Tabel 10.1 is die uitvloeisel van gedragspatrone wat verkry is uit die resultate van waardeprioriteite (skaal en vraelyste) wat in Hoofstuk 8 bespreek is. By nadere ondersoek, naamlik deur onderhoude met deelnemers en informante, is hierdie gedragspatrone bevestig en in Hoofstuk 8 genoem.. Die resultate van die meting van die oordra van waardes bevestig tot 'n groot mate ook genoemde gedragspatrone. Deur middel van kruisvalidasie is die gedragspatrone dus bevestig.

### 2.1 Gedragspatrone


Die bespreking van die gedragspatrone in Tabel 10.1 word aan die hand van kernwaardes en perifere waardes gedoen.

#### 2.1.1 Gesinsekologiese kernwaardeterreine

Die belangrikste waardes wat in hierdie studie nas vore gekom het kan as kernwaardes beskou word en hou verband met die basiese verhoudings waarin die individu staan. (Diegene wat die natuurlike ekologie sterk beklemtoon sou wel die natuurlike omgewing as 'n basiese verhouding insluit (Coertze, 1980:69-85)). Interaksie is in die volgende drie verhoudings betrokke:

- Die verhouding met die self.
- Die verhouding met ander (medemens).
- Die verhouding met 'n goddelike wese naamlik die metafisiese.

Hierdie drie verhoudingswêrelde vorm die kernverhoudings en word in die kernwaarhede van die Christelike geloof en die Hinduïsme ingesluit. Daar is 'n verwantskap tussen hierdie drie verhoudingswêrelde en kan skematis soos volg uiteengesit word.



**FIGUUR 10.1: KERNVERHOUDINGS**

Uit die skema kan die volgende waargeneem word:

- Daar is 'n interafhanklike en 'n onderlinge beïnvloeding tussen die drie verhoudings. So kan die Goddelike verhouding byvoorbeeld die benadering tot die medemens- en self positief beïnvloed. Eshleman (1994:75,106,107) bevestig ook hierdie wedersydse beïnvloeding. Hierdie interafhanklikheid word deur die gesinsekologiese perspektief bevestig (Bubolz & Sontag, 1993:425).
- Prioriteite in die drie verhoudings kan wissel, byvoorbeeld die self kan belangriker as die medemens of die goddelike verhouding wees. In genoemde geval sal die uitkoms selfgesentreerd wees. Net so kan die gesentreerdheid na die medemens verskuif wees wanneer die medemens die belangrikste komponent is of Godgesentreerd wanneer God die belangrikste komponent is.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Die verskillende verhoudings sal vervolgens bespreek word.

### Die verhouding met die self

In aansluiting by die gesinsekologiese perspektief van interafhanklikheid, is die uitgangspunt in hierdie studie dat die self hoofsaaklik sosiaal funksioneer aangesien dit 'n sosiale konstruksie is wat deur die interaksie met ander persone gevorm word (Mead, 1978:178; Foster, 1993:792). Uit die verhouding met andere en met die self word die selfkonsep gevorm. Die vorming van 'n eie selfkonsep vind reeds in die kinderjare plaas en duur lewenslank voort (Bigner, 1983:215,220,290; Van der Westhuysen & Schoeman, 1985:310).

Wegner en Vallacher (1977) se implisiete selfteorie toon aan hoe die individu haarselv evalueer deur drie prosesse naamlik deur inligting te selekteer, te genereer en te organiseer. Die eerste proses naamlik die seleksie van inligting betrek interne en eksterne faktore wat die selfkonsep vorm, beïnvloed en/of verander.

Eksterne faktore sluit ander persone met wie daar gesosialiseer word in. Hierdie persone evalueer 'n individu en gee dan bepaalde terugvoering wat die selfkonsep kan beïnvloed. Die terugvoering wat gesinslede en onderwysers aan deelnemers gegee het, het hulle selfkonsep beïnvloed. Verskeie deelnemers het genoem dat gesinslede en onderwysers hulle selfvertroue gegee het en aangemoedig het om 'n professionele beroep te beklee. Hierdie positiewe terugvoering het hulle selfvertroue en 'n positiewe selfkonsep gevorm. 'n Deelnemer het genoem dat al haar broers na matriek verder studeer het en dat dit 'n belangrike invloed op haar eie besluit om verder te studeer gehad het. Nog 'n deelnemer het aangedui dat sy die eerste persoon in haar familie (uitgebreide gesin) was wat verder studeer het. By beide gevalle het dit daartoe gelei dat 'n positiewe selfkonsep gevorm is deurdat die deelnemers hulle met ander vergelyk het. Uit hierdie terugvoering en vergelyking het die deelnemer 'n selfpersepsie gevorm (Kaiser, 1985:114; Louw, Louw & Schoeman, 1993:546).

Interne faktore, wat die selfkonsep beïnvloed, is byvoorbeeld vaardighede, wat die individu bemeester, asook selfmotivering wat bydra om 'n positiewe selfkonsep te ontwikkel (Louw, Louw & Schoeman, 1993:547). Met elke eksamen wat 'n deelnemer haar mikpunt bereik, kan sy dit positief beleef en byvoorbeeld meer selfvertroue ontwikkel en kan 'n positiewe selfkonsep ontwikkel word. Verder kan die individu ervaar dat indien sy nie genoeg inligting het nie 'n tweede proses plaasvind, naamlik die generering van verdere inligting. Dit kan gedoen word deur haar vermoedens oor haar selfkonsep te beperk. So byvoorbeeld word haar intellektuele vermoë, vaardigheid, aanpasbaarheid en gemoedstoestand as student by die kollege vir verpleging per keer ge-evalueer. Deur hierdie prosesse word daar deur waarneming en ervarings na versterking vir die bestaande selfkonsep gesoek (Jordaan & Jordaan, 1988:376-383). In bestaande prosesse was onder andere intellektuele en beroepswaardes by die evaluering van die self betrokke. 'n Verdere proses behels die organisering van inligting naamlik deur differensiasie en integrasie. Genoemde organisering van inligting vind op 'n selfrefleksieve wyse plaas (Jordaan & Jordaan, 1988:664). Differensiasie impliseer dat die individu haarself vanuit verskillende vertrekpunte, soos byvoorbeeld die betekenis wat sy aan haar rolle gee, evalueer. Hierdie evaluasie kan ook met waardes verband hou. 'n Vertrekpunt kan byvoorbeeld die rol van verpleegkundige, moeder en/of haar rol teenoor haar gesin van oorsprong wees. As verpleegkundige kan dit hardwerkendheid en bekwaamheid (wat beroepswaardes betrek) wees, as moeder van 'n kind kan dit die van emosionele en finansiële versorger (wat verhoudings-, gemoeds- en

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

ekonomiese waardes betrek) wees en haar rol teenoor haar gesin van oorsprong kan 'n betekenis van byvoorbeeld ekonomiese ondersteuning wees. Wanneer die evaluering plaasvind, kan verskille tussen die waardeprioriteite wat aan die rolle gekoppel is na vore kom en 'n gedifferensieerde selfkonsep kan na vore tree. Deur middel van die integrasieproses moet daar nou na gemeenskaplike (van waardeprioriteite) gesoek word om 'n algemene (globale) selfkonsep te vorm. Hierdie studie het aangetoon dat daar verskille in waardeprioriteite is wanneer 'n algemene evaluering van waardes gedoen word en wanneer spesifieke situasies (soos in die skaal vir waardes) geëvalueer word. Gevolglik kan die afleiding gemaak word dat die selfkonsep deur situasies en rolle beïnvloed kan word en sodoende bepaalde betekenis kry. Daarom is dit belangrik dat die individu vir haarself moet uitmaak watter waardes die belangrikste is en voorkeur in alle omstandighede moet geniet. Sodoende sal haar denke en optrede konstantheid vertoon en 'n gevoel van 'in beheer wees' ervaar omdat die kognitiewe, affektiewe en konatiewe self geïntegreer is.

In die verhouding met die self is dit veral die intrapsigiese faset wat beklemtoon word en wat verskeie komponente insluit (Jordaan & Jordaan, 1988:44). As die deelnemers dan selfwaardes as belangrik beskou, sal gemoeds- en kognitiewe (intellektuele) waardes ook belangrik behoort te wees aangesien dit deel is van die intrapsigiese faset. Tabel 10.1 bevestig hierdie afleiding. Waardes wat deur selfwaardes 'geïnspireer' is soos beroeps- en liggaaamlike waardes word ook as belangrik geag. Hier kan dus van 'n kontekstuele verbintenis tussen gesinsekologiese waardeterreine gepraat word. Hierdie verbintenis word deur die gesinsekologiese perspektief onderskryf (Bubolz & Sontag, 1993:425).

Die verhouding met die self is gerig op dit wat die individu as belangrik ervaar en kan die volgende selfwaardes insluit: selfverwesenliking, selfstandigheid, selfrespek, selfbeheersing, verantwoordelikheid, selfbeeld en eie identiteit. Selfgerigtheid kom ook na vore in konsepte wat verwant aan waardes is en in die vaelys gebruik is soos die eie behoeftes, houdings, oortuigings, standarde, norme en doelwitte.

Selfgerigtheid kan ook op 'n strewe na selfstandigheid dui. Volgens Gould (1975:74-78) sowel as Bee en Bjorklund (2000:299) is selfgerigtheid en selfstandigheid (strewe na onafhanklikheid) tipiese kenmerke van die jong volwasse fase. Codrington (2001b) bevestig dat die huidige generasie van jong volwassenes tot 'n groot mate op hulle self staatmaak en daarom is dit te verstane dat selfwaardes een van die kernwaardes van hierdie groep is.

### Verhouding met ander

Verhoudings met ander sluit aspekte soos die belangrikheid van die korrekte houding of gesindheid en optrede teenoor die medemens in. Daarom word daar in hoofstuk agt na aspekte van verhoudings soos onder andere andergerigtheid, konformisties, sosiaal en mensgeoriënteerdheid (mensgesentreerdheid) verwys. Die beroep van die verpleegkundige steun op aspekte soos mensgeoriënteerdheid en daarom is dit te verstane dat verhoudingswaardes vir jong volwassenes in hierdie studie van belang is.

Binne die gesinsekologiese persepektief (Bubolz & Sontag, 1993:425) word 'n kontekstuele verbintenis tussen die verhouding met die self (selfwaardes) en die verhoudings met ander (verhoudingswaardes) onderskryf. In hierdie studie word daar aangedui dat selfwaardes

meegehelp het om die jong volwassene tot selfstandigheid te begelei, terwyl die verhoudingswaardes help om haarself in die sogenaamde ‘wêreld daar buite’ te ondersteun en te vestig. Die ‘wêreld daar buite’ het reeds in die gesinsverhoudinge begin en hoe meer selfstandig die jong volwassene geword het, hoe meer kon sy in aanraking met die ‘wêreld daar buite’ kom om sodoende verhoudings met die betrokke medemense te vorm. Verhoudingswaardes kan as belangrik beskou word aangesien dit bydra om ‘n goeie of aanvaarde self (selfbeeld) en dus selfwaarde te ontwikkel en te bevestig. Selfwaardes kan dus deur verhoudingswaardes beïnvloed word.

Waardes soos gemoed (Ford, 1987:528), moreel en veiligheid is ook onder andere kontekstueel aan verhoudingswaardes verbind en word daarom ook as belangrik beskou. Morele waardes bevat sekere gedragskodes sodat aanvaarbare standarde vir die samelewing, gemeenskap en die persone waarmee daagliks skouer geskuur word, gehandhaaf word. Een van die doelwitte van morele waardes en waarde-oriëntasies is om deur gedragskodes goeie interpersoonlike verhoudings te skep en te behou. Veiligheidswaardes hou ook verband met verhoudings in die sin dat menslike optredes (wat deur ondermeer verhoudings geïnspireer word) veiligheid kan bevorder of verswak. Die jong volwassene in Suid-Afrika het sosiale onrus en terrorisme beleef (Tutu, 1999) en hierdie ervaring kan haar ‘n behoefte aan veiligheid laat ontwikkel en gevvolglik kan dit die verklaring wees waarom veiligheidswaardes belangrik geag word.

Volgens die demografiese gegewens kom gesinsverbrokkeling tot ‘n groot mate onder die deelnemers voor (kyk Hoofstuk 7). Codrington (1999, 2001a) bevestig dat hierdie generasie jong volwassenes veral gesinsverbrokkeling beleef het en daarom kan die behoefte aan verhoudings en gevvolglik die belangrikheid van verhoudingswaardes hieraan gekoppel word.

Verhoudings kan ervaar word as die sement wat die verskillende gesinsekologiese waardeterreine aan mekaar verbind en ook as die dinamiek van mens geïnspireerde prosesse in gesinsekologiese waardeterreine. Daarom noem Jordaan en Jordaan (1988:707-762) dat verhoudinge en die kommunikering daarvan binne verskillende terreine/kontekste, individue en groepe plaasvind.

### **Verhouding met die metafisiese**

Binne die Hinduïsme en die Christelike godsdiens word ‘n kriterium vir die ideale self gestel (kyk 3 van Hoofstuk 8). Hierdie ideale self is onder ander gekoppel aan medemenslike verhoudings en dui op die interafhanklikheid van die verskillende gesinsekologiese waardeterreine (Bubolz & Sontag, 1993:424-426). Volgens Jordaan en Jordaan (1988:770) gebruik die individu haar geloofsposities as vertrekpunt om besluite, evaluering en betekenistoekenning aan haar ekologiese kontekste te gee. Sodoende is haar waardesysteem, waardeprioriteite en optrede binne verskillende gesinsekologiese terreine afhanklik van haar metafisiese verhouding. Laasgenoemde sluit die inhoud van haar geloof in (Jordaan & Jordaan, 1988:789).

In die verhouding met die metafisiese blyk dit dat die jong volwassene in hierdie studie veral op soek is na ‘n God wat ‘n ankerpunt (kyk 3 van Hoofstuk 8) is en hulp kan gee. Moontlike redes hiervoor lê daarin dat die gesin nie meer die nodige stabiliteit (ankerpunt) vir hierdie jong volwassenes kan gee nie. (In Hoofstuk 7 dui die demografiese gegewens onder ander

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

gesinsverbrokkeling en -onstabiliteit aan.) Verder dui dit ook moontlik op 'n religieuse benadering wat baie op die self gerig is, naamlik selfbelang.

Die belangrikheid van religieuse waardes vir die jong volwassenes in hierdie studie kan ook in die hedendaagse tydsgees van verhoogde belangstelling in spiritualiteit gekry word. Volgens Hoshaw (2001) bestaan daar onder die jong volwassenes van vandag 'n behoefte aan onder andere spiritualiteit.

### 2.1.2 Perifere gesinsekologiese waardeterreine

Naas die kernwaardes in hierdie studie, is die perifere gesinsekologiese waardeterreine ook belangrik. As 'n uitbreiding en samevatting op die verklarings van die belangrikheid van die verskillende gesinsekologiese waardeterreine in Hoofstuk 8, word die volgende verklarings ten opsigte van die belangrikheid van die perifere gesinsekologiese waardeterreine gegee:

- Daar is 'n ooreenkoms tussen die belangrikheid van waardes van die gesinsekologiese waardeterreine en die alledaagse lewenservarings (primêre leefwêreld waarmee gereeld gekontak word) van die jong volwassene in hierdie studie. Dit word op die volgende gesinsekologiese waardeterreine gesien.
  - Estetiese waardes is dalk minder belangrik omdat dit gerig is op musiek, kuns en die uiterlike skoonheid van 'n persoon. In die wêreld (beroep) van die verpleegkundige is die estetiese nie so belangrik nie aangesien dit meer om lewe en gesondheid gaan (kyk Tabel 8.1). Daarom is lewensaardes en liggaamlike waardes belangrik. Estetiese waardes word ook nie huis genoem in die gesinsekologiese waardeterreine wat in die gesin oorgedra word nie (kyk Hoofstuk 9).
  - Ontspanningswaardes is volgens die deelnemers aan hierdie studie van minder belang aangesien hulle moontlik 'n baie besige program van werk en studie het en daar nie huis tyd is om aan ontspanning te dink nie.  
Kultuur, die nasionale, natuur/omgewings- en politiese gesinsekologiese waardeterreine lê soms verwyderd (dit is die sekondêre en tersiêre leefwêreld) van die alledaagse leefwêreld van die jong volwassene volgens hierdie studie. In die apartheidstyd was kultuur (en politiek) belangrik as 'bevrydingsimbole' (Botha, 1991:43), maar hedendaags is genoemde vryheidstryd verby en het kultuur en politiek na die agtergrond verskuif. Die belangrike vraagstuk vir vandag (en ook vir die jong volwassene) is moontlik nie soos die etniese groep se eie kultuur nie, maar die ervaring van multikulturaliteit en hoe dit hanteer moet word (Esterhuyse, 1991, 28; Mannikam, 1991:69-74).
  - Vir die deelnemers is waardes soos politiese-, nasionale-, kulturele- en omgewingswaardes van minder belang en dui daarop dat daar nie sterk verbintenis met die samelewings of gemeenskap is nie. Hierteenoor staan die sterk verbintenis met die selfwaardes. Volgens Keniston (1977) se teorie is hierdie polarisasie tipies van hierdie lewenstadium. Die vraag kan egter gevra word of hierdie slegs kenmerkend van 'n stadium (soos die jong volwassestadium) is en of dit kenmerke van die huidige generasie is. Gouws (1999) en Codrington (2001b) is van mening dat dit kenmerke van die huidige generasie jong volwassenes is.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

- Waardes beïnvloed mekaar onderling en daarom groepeer sekere waardes saam as byvoorbeeld minder belangrike waardes. Dit word op die volgende wyse in hierdie studie bevestig. Politieke- en outhouerswaardes wat beide as redelik onbelangrik beskou word, besit albei die elemente van gesag en mag. Die deelnemers is van mening dat hierdie gesag en mag nie aan 'n posisie toegeskryf word nie, maar dat dit op verdienste berus. Daar is dus duidelik 'n teleurstelling en ontnugtering met die outhouer en politici. Codrington (2001b) bevestig hierdie ontnugtering. Verder noem Codrington (2001b) ook dat jong volwassenes van vandag tot 'n groot mate op hulself staatmaak eerder as op die ouerheid en ander outhouerte. Die jong volwassene het 'n behoefte na eie identiteit en selfbeskikking (Gould, 1975:74-78; Bee & Bjorklund, 2000:299). Hierdie behoefte aan veral selfbeskikking word versterk wanneer dit gesien word binne die konteks van die belewing van ontnugtering dat gesagspersone nie altyd betroubaar is nie en dat die toekoms baie onseker is. Die ontnugtering sluit die hedendaagse gebeure van politieke skandale, misbruik van outhouertre gesag en die onsekerhede van die toekoms as gevolg van vinnige veranderinge in (Gouws, 1999; Codrington, 2001b).
- Die belangrikheid vir die handhawing van die etniese groep se tradisionele kultuur en die mate waarin bi-kulturaliteit, akkulturasie of assimilasie aanvaar word, kan die belangrikheid van waardes en waarde-oriëntasies beïnvloed. Die feit dat tradisionele kultuurgebruiken nie juis meer in die ouerhuis oorgedra word nie, kan akkulturasie, bi-kulturaliteit en assimilasie bevorder. Akkulturasie, bi-kulturaliteit en tot 'n mate assimilasie kan reeds waargeneem word waar veral die vroue van die Swart inheemse bevolkingsgroep 'n professionele beroep soos verpleging buite die huis beoefen. Die 'tradisionele' rol van die vrou as uitsluitlik tuisteskepper is verruil vir die van beroeps vrou, broodwinner of 'n kombinasie van die drie rolle. Hierdie verskynsels van akkulturasie en assimilasie word verteenwoordig in die modelle wat in Hoofstuk 3 bespreek is. In 'n sekere opsig kan daar dus van assimilasie op die beroepsterrein gepraat word. Dit word bevestig deur die belangrikheid van die beroepswaardes.

Verder noem sommige van die deelnemers dat hulle twee troues sal hê naamlik in 'n wit trourok (Westerse drag) en in tradisionele drag (etniese drag). Hierdie siening verteenwoordig die konsep van bi-kulturaliteit en dui daarop dat daar 'n strewe na verwestering is, maar dat hulle nog nie gereed is om hulle tradisionele etniese gebruikte prys te gee nie. Redes hiervoor is onder andere die behoefte om die tradisionele gemeenskap tevrede te stel. Verder is dit ook duidelik dat die 'oorbeweeg' van die swart inheemse na die Westerse gebruikte stres veroorsaak. Die deelnemers het aangedui dat hulle bewus is van die spanning wat rondom so 'n situasie plaasvind en die akkulturasieproses wat in Hoofstuk 3 bespreek is, bevestig dit. Die vraag rondom die totale internalisering van Westerse tradisies en gebruikte binne veral die inheemse Swart etniese groepe moet egter nog verder ondersoek word.

Deur akkulturasie en kulturele assimilasie kan die Westerse opvattinge en gedrag aangeleer word. Die mate wat aangeleerde kennis, opvattinge of gedrag deel van die persoon word, kan dit die belangrikheid van waardes en waarde-oriëntasies beïnvloed. So kan daar aanvaar word dat verpleging as beroep en die gepaardgaande

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

kennis en vaardighede deur die ondersoekgroep aangeleer en aanvaar word.

- Die aanvaarding van ander oortuigings kan die belangrikheid van waardeterreine beïnvloed. Een van hierdie oortuigings is 'n Westerse rolverwagting soos byvoorbeeld dat die vrou medeverantwoordelik (of verantwoordelik) is vir die ekonomiese versorging (of welvaart en die noodgedwonge verantwoordelikhede van moedergesinne). Die belangrikheid van beroepswaardes kan hierdeur beïnvloed word. Verdere oortuigings ten opsigte van die rolverwagtings is die aanvaarding dat die toekoms en toekomsbeplanning belangrik is. Hierdie oortuigings verskil van die tradisionele oortuigings van die inheemse Swart etniese groepe aangesien genoemde groepe eerder die verlede beklemtoon (Van der Walt, 1991:211-212). Gevolglik kan tyds-, intellektuele en beroepswaardes, hierdeur beïnvloed word.
- Denkrigtings kan waardeprioriteite beïnvloed (Zinkliene, 1966:227). Die huidige denkrigting dat Suid-Afrika 'n multi-kulturele land is, beteken dat eenheid sowel as diversiteit en pluralisme hanteer moet word (Hendriks, 1995:30). Die erkenning van die invloed van globalisasie (Mbeki, 1999; Friedman, 2000:xxi) en die bewustheid van multi-kulturaliteit en wêreldburgerskap kan moontlik verklaar waarom die eie kulture en gevole tradisionele kultuurwaardes van die verskillende etniese groepe soms van minder belang is. Uit hierdie veranderinge kan daar 'n strewe na 'n nuwe identiteit gevorm word (Marais, 1995:141-148). Die nuwe identiteit kan meebring dat daar moontlik nuwe norme en waardeprioriteite gevorm word (Louw, 1995:152) wat die wêreldburgerskap en die nasionale eenheid van Suid-Afrika, weerspieël. Verdere bydraende faktore tot die dalende belangrikheid van die eie kulturele waardes is moontlik die kwynende invloed van die ouer generasie as 'draers van die kultuur' (Horowitz, 1995:46) en die neiging dat die dominante kultuur, soos die Westerse kultuur, oorgedra en aanvaar word (Iversen & Faber, 1996).
- Waardes kan soms in konflik wees (Oosthuizen, 1984) as gevolg van kontekste wat aspekte soos bedreiging en trekkragte insluit. Bedreigings, trekkragte, druk en voorskrifte kan waardeprioriteite beïnvloed. Bedreigings soos die verswakkende veiligheidstoestand in die land maak dat veiligheidswaardes al hoe belangrijker word. Trekkragte soos onder andere die behoefté aan verhoudings en materiële middele (en die voordele van status) maak dat verhoudings- en ekonomiese waardes onder andere belangrik is. Ekonomiese druk as gevolg van onder andere die verswakte ekonomiese toestand in die land saam met ander faktore het moontlik daartoe geleid dat sommige van die deelnemers noodwendig hulle huidige gesinne moes verlaat om 'n beroep te beoefen. Die demografiese faktore wat in hoofstuk sewe bespreek is, bevestig hierdie siening. Genoemde ekonomiese druk wat ervaar word, het daartoe geleid dat die ekonomiese waardeterreine belangrik is. Sommige ouers was ook voorskriftelik ten opsigte van die belangrikheid van 'n beroep en/of geleerdheid vir hulle dogters en daarom word hierdie waardes as belangrik beskou. Voorskriftelikheid ten opsigte van die belangrikheid van ekonomiese aspekte is onder andere by die Indiërs in hierdie studie waargeneem. Sommiges het by verder navrae aangedui dat die ekonomiese welvaart 'n aanduiding van 'n suksesvolle lewe is.
- Die kognitiewe redeneervermoë van die deelnemers kan ook lei tot die vasstelling van eie waardeprioriteite. Volgens Kohlberg (1976:31-53) se teorie kan die jong

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

volvassene deur formele operasionele denke self die waardeprioriteite van die samelewing evalueer en dit binne sy eie sisteem van waardeprioriteite plaas.

- Waardes kan ook deur etnisiteit, persoonlikhede en belangstellings beïnvloed word. Die ondersoekgroep word beskou as diegene in 'n versorgende beroepsgroep en daarom kan daar dus verwag word dat hulle belangstellings en persoonlikhede hierby aansluit. Gesinsekologiese waardeterreine wat hiermee in verband gebring kan word behoort dus belangrik te wees. Verhoudings- en liggaamlike waardeterreine hou hiermee verband en word deur die deelnemers in hierdie studie as belangrik beskou.

Verdere studie kan moontlik aantoon dat persone in ander beroepe soos byvoorbeeld die kunste die estetiese waardes as baie belangrik sal beskou. Die inherente karaktereienskappe van die persoonlikheid, passie en/of ingesteldheidheid van 'n persoon of etniese groep kan die belangrikheid van waardes en waarde-oriëntasies bepaal. Ten opsigte van die etniese groepe word daar verwys na die belangrikheid van ekonomiese strewe en gevoglik die belangrikheid van ekonomiese waardes van die Indiërs in die ondersoekgroep.


### 2.2 Funksionering op die eksterne en interne fasette

Die funksionering van interne en eksterne fasette van die individu kan aan die hand van drie teorieë naamlik die van invloede, kragte en fases verduidelik word.

#### 2.2.1 Invloede op die gesinsekologiese waardeterreine

Uit die voorafgaande bespreking kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die belangrikheid van gesinsekologiese waardeterreine en waarde-oriëntasies deur interne (intrapsigiese) sowel as eksterne faktore beïnvloed word. Genoemde faktore beïnvloed die individu se wedersydse interaksie met haar gesinsekologie.

Om 'n geheelbeeld van die gelyktydige funksionering van die eksterne en interne faktore weer te gee, is 'n skematiese voorstelling gemaak. Eksterne faktore is gesinsekologiese (omgewings) kragte wat van buite 'n invloed op die waardes van die individu het. Hierteenoor het die interne faktore wat vanuit die individu (interne gesinsekologiese omgewing) voortspruit, op hulle beurt weer 'n invloed op die gesinsekologiese omgewing (gesinsekologiese waardeterreine). Skematis kan die volgende voorstelling gemaak word.



**FIGUUR 10. 2: INTERNE EN EKSTERNE INVLOEDE OP DIE GESINSEKOLOGIESE WAARDETERREINE**

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

**Eksterne faktore is onder andere die volgende:**


Kontak met die alledaagse leefwêreld.  
Enkulturasie en akkulturasie wat plaasvind.  
Huidige ideologiese klimaat.  
Bedreigings, trekkragte, voorskriftelikheid en druk.  
Gedeelde opvattings soos roloverwagtings.

**Interne faktore is onder andere die volgende:**

Eie vermoëns.  
Ingesteldhede soos belangstellings, persoonlikheid, passie, behoeftes, begeertes, doelwitte en motiewe.

### **2.2.2 Dryf- en beperkende kragte**

In die genoemde interne en eksterne invloede is daar sekere kragte wat as dryfveer kan dien terwyl daar ander is wat beperkend kan wees. Indien die dryfkragte, sterker is as die beperkende kragte is, sal die bepaalde waardes belangriker word. Die omgekeerde is ook waar. In die onderstaande figuur word hierdie teorie voorgestel.



**FIGUUR 10.3: INVLOED VAN DIE DRYF- EN BEPERKENDE KRAGTE OP DIE GESINSEKOLOGIESE WAARDETERREINE**

Voorbeeld van hoe bogenoemde kragte weerspieël word in hierdie studie is die volgende: Twee deelnemers het genoem dat hulle baie van hulle beroep hou (dryfkragte: beroeps- en selfwaardes), maar dat dit beteken dat hulle dikwels van hulle kinders geskei word en dat hulle verhoudings moontlik daar onder ly (beperkende krag: verhoudingswaardes). Die resultaat is dat daar 'n wedywering tussen die belangrikheid van die beroepswaardes en selfwaardes is teenoor die verhoudingswaardes. Nog 'n voorbeeld is die evaluerings rondom die skoonmaak van die park. Die deelnemers hou van 'n skoon park (dryfkrag) maar die persoonlike insette (beperkende krag) naamlik om dit self skoon te maak, is te sterk en daarom word genoemde waarde-oriëntasie redelik laag geëvalueer.


Die dryf- en beperkende kragte in waardeprioriteite behoort verder nagevors te word sodat verdere teorieë en/of 'n uitbreiding op bestaande model verder toegelig kan word.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

### 2.2.3 Fases van afhanklikheid

Die individu ontwikkel onder andere van afhanklikheid na onafhanklikheid tot 'n besef van interafhanklikheid. Die gesinsekologiese perspektief vereis ook dat die belangrikheid van interafhanklikheid besef moet word.

Die jong volwassene in hierdie studie is volgens die resultate van hulle waardeprioriteite in hierdie studie in 'n fase waar daar groot klem op onafhanklikheid geplaas word. Dit word ook in verband met die deelnemers se behoeftes aan selfgerigtheid en ekonomiese onafhanklikheidstrewe gebring. Die strewe na interafhanklikheid van die jong volwassenes in hierdie studie is egter nog nie sterk ontwikkel nie, aangesien waardes wat die strukture (byvoorbeeld die kulturele, politiese en nasionale strukture) van die gemeenskap en samelewing sterk ondersteun as minder belangrik beskou word. Hierdie siening is in ooreenstemming met die teorie van Perry (1970) en word in Hoofstuk 5 bespreek (kyk 3.2 van Hoofstuk 5). Die strewe vanaf afhanklikheid na die besef van die verantwoordelikhede van interafhanklikheid kan in die volgende skematiese voorstelling gesien word.



**FIGUUR 10.4 : FASES IN DIE ONTWIKKELING VAN AFHANKLIKHEID TOT INTERAFHANKLIKHEID**

Bogenoemde strewe van afhanklikheid na onafhanklikheid tot interafhanklikheid met die gemeenskap en samelewingstrukture kan ook uit die ontwikkelingstake van Duvall en Miller (1985:52-53) afgelei word. Die volgende ontwikkelingstake word onder andere genoem:

- 'n Aanvaarbare afhanklikheid en onafhanklikheid patroon moet ontwikkel word.
- Daar moet geleer word om die fisiese wêreld te verstaan en te beheer.
- Verhouding met die kosmos moet gevorm word.

Die verdere rol van interne en eksterne invloede, dryf- en beperkende kragte sowel as die verskillende fases van afhanklikheid sal in Figuur 10.6 duidelik word.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

### 2.3 Waardeprioriteite binne bepaalde kontekste

Waardeprioriteite word binne die volgende kontekste bespreek. Eerstens die situasies waarbinne 'n waarde-oriëntasie in die skaal vir waardes genoem word en tweedens die kulturele konteks wat 'n kort opsomming van die waardeprioriteite van die verskillende etniese groepe in hierdie studie gee. Derdens word teorieë wat gedrag moontlik kan verklaar, bespreek.

#### 2.3.1 Die situasie

Die situasie kan 'n konteks wees om waardeprioriteite te verklaar. Die skaal vir waardes plaas die verskillende waarde-oriëntasies van die twintig gesinsekologiese waardeterreine binne bepaalde kontekste (situasies). Dit het meegebring dat daar aanvaar kan word dat sekere kontekste die belangrikheid van gesinsekologiese waardeterreine kan beïnvloed. Omstandighede word dus in aanmerking geneem (kyk die teorie van Perry, 1970, Hoofstuk 5). Die deelnemers se evaluering bevestig hierdie moontlikheid.

- In sekere kontekste (situasies) is 'n gesinsekologiese waardeterrein belangriker as in ander situasies. Die volgende voorbeeld kan geneem word, naamlik dat God 'n belangriker rol in krisisse as in beroepskeuse gegee word. Persepsies ten opsigte van die rol van God in mense se lewens is hier van belang. 'n Ander voorbeeld is dat die deelnemers bereid is om aan verhoudings by die werk aandag te gee, maar wanneer dit 'n moeilike kollega insluit, is hulle minder daartoe bereid. Die mate van persoonlike insette en moontlik die veroordeling van die 'moeilike kollega' kan reeds wees waarom hierdie situasie die belangrikheid van die waarde verminder. 'n Volgende voorbeeld is dat die huidige toestand van werkloosheid ook daartoe kan lei dat sommige deelnemers nie hul werk in gevaar sal stel nie en dit 'n hoër prioriteit sal gee as byvoorbeeld selfverwesenliking en geluk.

Die voordeel wat 'n waarde bied, kan die belangrikheid daarvan bepaal. Sommige deelnemers dui aan dat oneerlikheid in hulle studies oorweeg word indien dit vir hulle voordeel inhou. Andersins word eerlikheid hoog aangeslaan.

Wanneer spesifieke persoonlike insette vereis word, is die deelnemers soms geneig om sekere gesinsekologiese waardes as minder belangrik te beskou. Die volgende voorbeeld kan genoem word. Spesifieke dienslewering, soos om die park naby hulle huis skoon te maak, word as minder belangrik beskou as ongespesifiseerde betrokkenheid. Wie die insette moet lewer beïnvloed die belangrikheid van 'n waarde. Wanneer die regering byvoorbeeld 'n bydrae moet maak ten opsigte van gesondheidsdienste word dit sterker ondersteun as wanneer persoonlike bydraes verwag word.

- Sekere waardes van 'n gesinsekologiese waardeterrein is belangriker as ander waardes van dieselfde gesinsekologiese terrein. Hierdie is in ooreenstemming met die teorie van Perun en Bielby (1980) soos in Hoofstuk 5 bespreek. Byvoorbeeld in die ekonomiese gesinsekologiese waardeterrein, is geld nie so belangrik nie, maar die hantering daarvan is wel belangrik.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

### 2.3.2 Kulturele konteks

In terme van Baltes (1987) (kyk Hoofstuk 5) se perspektief berus etnisiteit op die historiese verbintenis met die gesin van oorsprong. Hierdie historiese agtergrond soos die kultuur, kan net soos hedendaagse gebeure as faktore dien wat bepaalde waardeprioriteite bepaal.

Uit die waarde-oriëntasies is reeds aangedui dat etniese groepe se waardeprioriteite verskil wanneer hulle in bepaalde situasies (kontekste) geplaas word. Die oorhoofse prentjie ten opsigte van etniese groepe word in breë trekke geskets. Sodoende kan die gesinsekologiese waardes van 'n etniese groep globaal gesien word en as 'n eenheid hanteer word. Daar is oor die algemeen baie ooreenkoms tussen die verskillende etniese groepe en die verskille blyk hoofsaaklik ten opsigte van individuele situasies.

Die onderstaande gegewens is uit die resultate van die tabelle in Hoofstuk 8 geneem. In hierdie tabelle word die belangrikheid van 'n gesinsekologiese waardeterrein bepaal deur sy voorkeur teenoor ander gesinsekologiese waardeterreine. Hierdie voorkeur kan deur twee kontekste, naamlik die spesifieke situasie ('in die praktyk') en die etniese groep, bepaal word.

Vervolgens word 'n kort opsomming van die waardeprioriteite, van die deelnemers van die verskillende etniese groepe in hierdie studie, gegee. Interpretasies is reeds in Hoofstuk 8 gedoen en word nie weer herhaal nie.

#### Afrikaanssprekende Blankes

- Religieuse waardes is belangrik, relevant, belangrik in krisisse en in die keuse van 'n beroep en sekulêre aktiwiteite word dit nie as 'n bedreiging ervaar nie.
- Verhoudingswaardes is belangrik, maar wanneer dit opofferende insette soos die hantering van moeilike kollegas en besoeke aan familie vra, word verhoudings minder belangrik.
- Morele waardes word as belangrik beskou, maar in die toepassing daarvan word die mate van eerlikheid negatief beïnvloed wanneer eie belang op die spel is.
- Oor die algemeen word tradisionele kulturele gebruik nie as belangrik beskou nie en daarom is kulturele waardes nie juis belangrik nie. Die handhawing van Afrikaans as taal word ook nie juis as baie belangrik beskou nie.
- Algemeen gesproke word ekonomiese waardes nie juis as belangrik geag nie, maar in bepaalde situasies soos in die skaal vir waardes weergegee is, is die teendeel waar. Voorbeeld hiervan is die belangrikheid van produktiwiteit, ekonomiese groei en vaardigheid om geldsake te hanteer.
- Intellekturele waardes word as redelik belangrik beskou, maar meer geleerde persone verdien nie meer aansien (respek) as ongeletterdes nie.
- Beroepswaardes word in die algemeen en in spesifieke situasies as redelik belangrik beskou en daarom sou die deelnemers versigtig wees om iets te doen wat hul beroep (werk) in gedrang sou bring.
- Liggaamlike waardes is redelik belangrik, maar in praktyk is die deelnemers minder geneë om te oefen en aanvullende nutriënte te neem om sodoende hulle gesondheid te verbeter.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

- Lewensaardes word in die algemeen as redelik belangrik beskou en wanneer deelnemers in 'n spesifieke situasie geplaas word, word lewensaardes as baie belangrik ervaar. Verpligte noodhulp vir motorbestuurders is egter van minder belang.
- Veiligheidswaardes is algemeen gesproke redelik belangrik en is baie belangrik waar veilige woonbuurtes en die algemene toestand in die land ter sprake is.
- Selfwaardes is vir die deelnemers belangrik en die belangrikheid daarvan tree meer na vore onder bepaalde omstandighede.
- Gemoedswaardes is belangrik en in spesifieke situasies soos werksgeluk, word dit duidelik dat gemoedswaardes baie belangrik is.
- In die algemeen word regswaardes nie juis as belangrik beskou nie, maar in bepaalde situasies soos die nakom van padreëls, dat gesteelde goedere nie aangekoop word nie en gelyke regte vir almal, word regswaardes as baie belangrik beskou.
- Estetiese waardes word as redelik belangrik beskou, maar wanneer die deelnemers in sekere situasies geplaas word, is daar uiteenlopende menings. Die estetiese aspekte van 'n dorp se geboue en algemene verfraaiing is redelik belangrik, maar aspekte soos persoonlike skoonheid is van minder belang.
- Ontspanningswaardes en natuur/omgewingswaardes is van redelike belang in die algemeen en in spesifieke situasies.
- Tyd-ruimtelike waardes word as redelik belangrike waardes beskou. Persoonlike ruimte en privaatheid is baie belangrik. Die deelnemers stel egter nie belang in oortyd werk nie.
- Nasionale waardes word as die minder belangrike waardes beskou en hierdie houding is in spesifieke situasies ook waar. Van al die etniese groepe in hierdie studie is die Afrikaanssprekende Blankes die groep wat nasionale waardes as die onbelangrikste beskou.
- Outoriteitswaardes word nie juis as belangrike waardes beskou nie en hierdie siening word in die beoordeling van die spesifieke situasies bevestig.
- Politieke waardes word as die onbelangrikste gesinsekologiese waardeterrein beskou. Die evaluering van spesifieke situasies bevestig hierdie siening. Hierdie groep is sterk gekant teen die gebruik van die universiteitskampusse vir politieke gewin. Van al die etniese groepe wat in hierdie studie ondersoek is, word politieke waardes die laagste deur die Afrikaanssprekende Blankes geëvalueer.

Ten opsigte van Afrikaanssprekende Blankes kan daar tot die volgende moontlike verklaarings vir die verskille in hulle waarde-oriëntasies in vergelyking met die ander etniese groepe gekom word. Die politieke vryheidstrewe van die afgelope dekades het meegebring dat skoliere en studente op kampusse ontwrig is en daarom kan dit moontlik die rede wees waarom die deelnemers heftig teen politieke bedrywighede op kampusse is. Die afgelope dekade het die politieke omwentelings meegebring dat die Afrikaanssprekendes nie meer die beherende rol in gesag en mag geniet nie (Smit, 1995:34). Veranderinge op die politieke terrein kon aanleiding gegee het tot die tipiese trauma fasies van onder ander ontnugtering, opstand en apatie (Rendle, 1998: 135-138). Gevolglik is dit 'n moontlike rede dat daar 'n mindere belangstelling in nasionalisme by dié etniese groep ingetree het. Otnugtering ten opsigte van die sogenaamde leiers en helde van die verlede (Gouws, 1999) het ook moontlik geleid tot onsekerhede rondom die tradisies van die eie kultuur en gevolelik word kultuurwaardes ook minder belangrik. Dit kan moontlik 'n rede wees waarom daar 'n verlies aan belangstelling en waardering van die kulturele, politieke en veral nasionale waardes is.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Verder het die politieke veranderinge (byvoorbeeld regstellende aksie) meegebring dat Afrikaanssprekende Blankes moontlik benadeel word waar werk-/beroepsaanstellings ter sprake is. Dit lei tot die moontlikheid van werksverlies en verswakking van hulle ekonomiese posisie. Die algemene verswakking van die ekonomiese toestand in die land kon verder bygedra het tot 'n her-evaluering van ekonomiese waardes. Die verswakte veiligheidstoestand in die land, soos inbraake en lewensbedreigende gebeure, bring mee dat materiële besit moontlik minder belangrik geword het. Daarom kan ekonomiese waardes (materiële besittings) moontlik nie as baie belangrik beskou word nie. Van al die etniese groepe in hierdie studie is omgewingswaardes vir die Afrikaanssprekende Blankes die belangrikste. Redes hiervoor is dat hulle moontlik meer blootgestel was aan die natuur en die bewaring daarvan. Die blootstelling aan die belangrikheid van 'n waarde kan die waardeprioriteit beïnvloed. 'n Ander moontlike rede is dat in sommige gevalle soos parke die natuurlike omgewing hedendaags verwaarloos word. Wanneer die netheid van parke nie meer belangrik is nie kan hierdie groep deelnemers ervaar dat die natuur bedreig word en daarom verdien dit meer aandag. Gevolglik lei die 'bedreigde natuur' tot 'n her-evaluering van die belangrikheid van 'n gesinsekologiese waarde.

### Engelssprekende Blankes

- Dié besondere groep beskou hulself as baie godsdienstig en meer religieuse waardes is baie belangrik, relevant, belangrik in beroepskeuses asook in krisisse en meer ook dat sekulêre aktiwiteite inmeng met godsdiensbeoefening.
- Verhoudingswaardes word as belangrik beskou maar aspekte soos opofferings om familiebande en samewerking met kollegas te verkry beïnvloed die belangrikheid van verhoudingswaardes negatief.
- Morele waardes word as belangrik beskou, maar die deelnemers wil nie graag betrokke raak wanneer ander persone se oneerlikheid uitgewys moet word nie.
- Kulturele waardes word algemeen gesproke nie hoog aangeskryf nie, maar in spesifieke situasies soos die erkenning van tradisies en taal word kultuur as belangrik beskou.
- Ekonomiese waardes is redelik belangrik en in situasies waar ekonomiese groei, produktiwiteit en verantwoordelike besteding ter sprake is, is dit belangrijker vergeleke met persoonlike begrotings en die kennis daarvan.
- Intellektuele waardes is redelik belangrik, maar intellektuele vermoëns en prestasies verdien nie groter aansien nie.
- Beroepswaardes is in die algemeen belangrik maar wanneer te hoë eise, soos oortyd werk vereis word, kan dit die belangrikheid van hierdie waardes negatief beïnvloed.
- Liggaamlike waardes is redelik belangrik, maar in praktyk is die deelnemers minder geneë om by oefening betrokke te raak en aanvullende nutriënte te neem en sodoende hulle gesondheid te verbeter.
- Lewensaardes word in die algemeen as baie belangrik beskou en wanneer deelnemers in 'n spesifieke situasie geplaas word, word ook aangedui dat lewensaardes baie belangrik is. Die deelnemers meer verpligte noodhulp vir motorbestuurders is egter van minder belang.
- Veiligheidswaardes is redelik belangrik en ten opsigte van die veiligheidstoestand in die land is dit baie belangrik.
- Selfwaardes word algemeen gesproke as redelik belangrik beskou, en wanneer die deelnemers met 'n situasie gekonfronteer word, is dit duidelik dat selfwaardes baie belangrik is.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

- Gemoedswaardes word as baie belangrik beskou.
- In die algemeen word regswaardes nie huis as belangrik beskou nie, maar in bepaalde situasies, soos die regte van die individu, word regswaardes as baie belangrik beskou.
- Estetiese waardes word as minder belangrik beskou, maar wanneer die deelnemers in sekere situasies geplaas word is daar uiteenlopende menings. Kunswerke en nasionale orkeste is redelik belangrik, maar aspekte soos persoonlike skoonheid is onbelangrik.
- Ontspanningswaardes en natuur/omgewingswaardes is nie huis van belang nie.
- Tyd-ruimtelike waardes word as redelike belangrike waardes beskou. Die deelnemers sal verkie om nie oortyd te werk nie.
- Nasionale waardes is van die minder belangrike waardes. Nasionale diensplig en die dra van die landsvlag by bepaalde geleenthede word tog as baie belangrik beskou.
- Outoriteitswaardes word nie huis as 'n belangrike waardeterrein beskou nie en hierdie siening word in die beoordeling van die spesifieke situasies bevestig.
- Politieke waardes word deur al die deelnemers in hierdie etniese groep as die onbelangrikste gesinsekologiese waardeterrein beskou.

In die uitdeel van die vraelyste het baie Afrikaanssprekende Blankes in die ondersoekgroep aangedui dat dit nie vir hulle 'n probleem is om die vraelyste in Engels te beantwoord nie. In die beroepswêreld is Engels toenemend besig om die algemene voertaal te word. Akkulturasie van Engels as 'beroepstaal' vind wel plaas, maar daar is tog verskille ten opsigte van die waarde-oriëntasies. Die Afrikaanssprekende en Engelssprekende Blankes van hierdie ondersoekgroep verskil ten opsigte van die intensiteit van waarde-oriëntasies en daarom is dit belangrik dat hierdie twee groepe geskei word. Die Engelssprekende Blankes van hierdie ondersoekgroep is uitgesproke en voel sterk oor aspekte soos hulle geloof en aborsie. Hierdie uitgesprokenheid gaan gepaard met 'n selfversekerdheid om standpunte te stel. Dit word bevestig deur persepsies wat Afrikaanssprekende Blankes ten opsigte van Engelssprekende Blankes het. Die volgende stellings is deur Afrikaanssprekende Blankes ten opsigte van Engelssprekende Blankes gemaak:

**"Hulle is vol selfvertroue."**

**"Die Engelse is nie bang om hulle sê te sê nie."**

'n Engelssprekende deelnemer bevestig hierdie persepsie tot 'n mate met die volgende opmerking:

**"... I look at myself in the mirror each morning and I am proud of what I see."**

### Indiërs

- Vir die groep deelnemers is die religieuse waardes belangrik tydens krisisse maar nie huis vir beroepskeuse nie. Godsdienis is relevant en die sekulêre aktiwiteite beïnvloed nie huis hulle godsdienstoefening nie.
- Verhoudingswaardes word as belangrik beskou, maar aspekte soos opofferings om familiebande te versterk en samewerking met kollegas te verkry, beïnvloed die belangrikheid van verhoudingswaardes negatief.
- Morele waardes word as baie belangrik beskou maar wanneer eie belang op die spel is, kan morele waardes soos eerlikheid as minder belangrik beskou word.
- Daar is onsekerhede oor die belangrikheid van kulturele waardes. In bepaalde situasies, soos die belangrikheid van kultuurorganisasies en die bewaring van 'n

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

kulturele erfenis, word kultuur tog as belangrik beskou. In hierdie ondersoekgroep beskou die Indiërs die kulturele waardes belangriker as wat die geval is by die ander etniese groepe.

- Ekonomiese waardes is algemeen gesproke en in spesifieke situasies baie belangrik.
- Intellekturele waardes is redelik belangrik, maar geleerde persone verdien nie meer aansien (respek) as ongeletterdes nie. Intellekturele ambisie en die bevordering daarvan in kinders is baie belangrik.
- Beroepswaardes is baie belangrik en daarom meen die deelnemers dat hulle versigtig sal wees wanneer optredes hulle beroep (werk) in gedrang bring.
- Liggaamlike waardes word in die algemeen nie juis baie belangrik beskou nie, maar die deelnemers meen dat hulle by sport betrokke sal raak om hulle gesondheid te verbeter. Die gebruik van nutriënte word nie hoog aangeslaan nie. Die deelnemers meen dat die regering meer vir algemene gesondheid moet doen.
- Lewensaardes word in die algemeen as redelik belangrik beskou. In teenstelling met die belangrikheid van hierdie waardes meen die deelnemers dat verpligte noodhulp vir motorbestuurders van minder belang is. Verder meen hierdie groep ook dat aborsie tot 'n groot mate in sekere omstandighede geregtig is.
- Veiligheidswaardes word algemeen gesproke as redelik belangrik beskou, maar is baie belangrik wanneer die algemene veiligheidstoestand van die land ter sprake is.
- Selfwaardes word algemeen gesproke nie juis as belangrik beskou nie, maar wanneer die deelnemers met 'n situasie gekonfronteer word, is dit duidelik dat selfwaardes baie belangrik is.
- In die algemeen word gemoedswaardes as redelik belangrik beskou.
- In die algemeen word regswaardes nie juis as belangrik beskou nie, maar in spesifieke situasies soos wanneer individuele regte ter sprake is, is hierdie waardes baie belangrik.
- Estetiese waardes word as minder belangrik beskou, maar wanneer die deelnemers in sekere situasies geplaas word is daar uiteenlopende menings. Die estetiese aspekte van 'n dorp se geboue en algemene verfraaiing is redelik belangrik, maar aspekte soos persoonlike skoonheid, kunswerke en nasionale orkeste is van minder belang.
- Ontspanningswaardes en natuur/omgewingswaardes van minder belang.
- Tyd-ruimtelike waardes word as redelik belangrike waardes beskou en in spesifieke situasies is dit wel belangrik. Persoonlike ruimte en die nuttige gebruik van tyd is baie belangrik. Die deelnemers verkies egter om nie oortyd te werk nie.
- Nasionale waardes is van die minder belangrike waardes en hierdie opinie word weerspieël in die spesifieke situasies.
- Outoriteitswaardes word nie juis as belangrik beskou nie en hierdie siening word in die beoordeling van die spesifieke situasies bevestig. Die deelnemers is veral teen outoritaire gesag waar hulle meen hulle regte word benadeel. Die studente sou meer mag rondom eksamens verkies. Ondemokratiese mag word verwerp.
- Politieke waardes word as 'n onbelangrike gesinsekologiese waardeterrein beskou, maar tog sal sommiges van hulle tot 'n mate geneë wees om politiek by die werk toe te laat.

Benewens oorlewing word geld die middel tot die suksesvolle, moderne en gemaklike lewenstyl. Dit wil voorkom of hierdie etniese groep baie ambisie het aangesien hulle aandui dat hulle alles in hulle vermoë sal doen om geleerdheid aan hulle kinders te gee. Die feit dat

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

selfwaardes vir hierdie etniese groep die belangrikste is bevestig die ambisie van hierdie groep. Wat aborsie betref meen hierdie etniese groep dat dit wel geregverdig is in sekere omstandighede aangesien 'n ongewensde kind ekonomiese implikasies het en dat elke individu die reg het om self oor so iets te besluit.

Verdere navrae ten opsigte van die Hindugeloof en die implikasies in die daaglikse lewe het aangetoon dat, die jong volwassenes wat ondervra is nie juis 'n goeie kennis van hulle godsdienst nie en daarom nie juis die implikasies hiervan vir hulle daaglikse lewe ten volle begryp nie.

### Kleurlinge

- Vir die groep deelnemers is die religieuse waardes veral belangrik in krisisse, maar is minder belangrik in beroepskeuses. Die sekulêre aktiwiteite beïnvloed nie juis hulle godsdienstbeoefening nie.
- Verhoudingswaardes word as redelik belangrik beskou maar aspekte soos opofferings om familiebande te verstrek en samewerking met kollegas te verkry beïnvloed die belangrikheid van verhoudingswaardes negatief.
- Morele waardes is redelik belangrik, maar sekere situasies soos eie belang en betrokke raak by die bekamping van oneerlikheid asook onsedelikheid (pornografie) beïnvloed die belangrikheid van morele waardes negatief.
- Van al die etniese groepe wat ondersoek is, is kulturele waardes vir die bestaande groepe die mins belangrikste. Daar is wel 'n mate van belangstelling in kultuurorganisasies en die regte van 'n eie taal.
- Algemeen gesproke is ekonomiese waardes belangrik, maar in spesifieke situasies kan die belangrikheid daarvan verhoog.
- Intellektuele waardes is redelik belangrik, maar behoort nie aansien en respek te beïnvloed nie.
- Beroepswaardes is in die algemeen gesien belangrik en risiko's sal nie geneem word wanneer hulle beroep (werk) in gedrang is nie.
- Liggaamlike gesondheid is redelik belangrik en die deelnemers glo dat deelname aan sport gesondheid sal verbeter.
- Lewensaardes word in die algemeen as redelik belangrik beskou. Sekere situasies soos die uitvoering van aborsies verminder die belangrikheid van lewensaardes.
- Algemeen gesproke is liggaamlike waardes redelik belangrik en in terme van woonbuurte is veiligheid belangrik. Hierdie deelnemers is egter nie juis ten gunste van die deursoek van persone by winkels nie.
- Selfwaardes word as redelik belangrik beskou en in sekere situasies word hierdie belangrikheid verhoog.
- Gemoedswaardes word in die algemeen as belangrik beskou. Die deelnemers sal egter nie maklik van werk verander omdat hulle ongelukkig in hulle werk is nie.
- Algemeen gesproke is regswaardes redelik belangrik. Daar is egter uitsonderings aangesien die deelnemers wel meen dat hulle tot 'n groot mate gesteelde goedere sal aanvaar (vergelyk morele waardes).
- Estetiese waardes word as minder belangrik beskou. Wanneer die deelnemers in sekere situasies geplaas word is daar ook uiteenlopende menings. Die estetiese aspekte van 'n dorp se geboue en algemene verfraaiing is redelik belangrik, maar

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

aspekte soos persoonlike skoonheid, kunswerke en nasionale orkeste is van minder belang.

- Volgens die mening van die deelnemers is natuur/omgewings- en ontspanningswaardes van die minder belangrike waardes.
- Tyd-ruimtelike waardes word as redelike belangrike waardes beskou. Persoonlike ruimte en privaatheid is baie belangrik. Die deelnemers verkies egter om nie oortyd te werk nie.
- Nasionale waardes is van minder belang.
- Outoriteitswaardes is van die minder belangrike waardes. Hierdie siening word in die beoordeling van die spesifieke situasies bevestig.
- Politieke waardes word as 'n minder belangrike gesinsekologiese waardeterrein beskou.

Die Kleurlinge in die ondersoek groep toon aan dat sekere aspekte van kultuur nie juis vir hulle belangrik is nie. Dit lê veral rondom die verlede soos heldedag en kulturele vakansiedae. 'n Verklaring hiervoor is moontlik die ervaring dat hulle nie deel van die etniese groepe is wat sulke tradisies handhaaf nie. Daar bestaan ook 'n onsekerheid waar hulle in die hedendaagse kultuuropset in Suid-Afrika inpas. Daarom het die volgende opmerking al 'n algemene uitdrukking onder die groep geword:

**"Eers was ons nie wit genoeg nie, nou is ons nie swart genoeg nie. Waar pas ons nou eintlik in?"**

Die Kleurlinge in die ondersoekgroep meen ook dat hulle nie tot dieselfde mate as die ander groepe probleme het met die aanvaarding van gesteelde goedere en die toepassing van aborsie nie. Hierdie aspekte moet teen die agtergrond van hulle oorlewingsstryd gesien word. 'n Kleurlingvrou het die opmerking gemaak: "**Mevrou, ons sukkel om te survive** (oorleef)." Genoemde Kleurlingvrou maak die volgende opmerking oor diefstal en immorele lewe:

**"Mevrou ek sal nie steel nie. Ek sê nie ek vat hier en daar 'n ding nie, maar ek steel nie."**

**"... baie van ons mense verkoop hulle liggamoë ... immoral (immoreel) maar ons moet survive (oorleef).**

Hulle **like** (hou van) die wit mans ... dan dink hulle, hulle is grênd (het status)."

Sekere waarde-oriëntasies word dus beïnvloed deur persepsies van wat reg en verkeerd is, oorlewings en 'n behoefté aan status.

### Sotho en Tswanas

Die Sotho- en Tswanasprekendes is twee etniese groepe wat hulle oorsprong uit dieselfde swart etniese stam het en daarom is daar redelik baie ooreenkoms in hulle taal. Volgens individuele opmerkings is daar nie groot verskille in die kultuur van hierdie groepe nie en die volgende opmerking bevestig dit: "**... die Sotho's is nie die Tswanas nie, maar hulle is amper soos ons.**" Genoemde ooreenkoms word voortgesit in die evaluering van waardes en waarde-oriëntasies en daar is nie groot verskille tussen die evaluerings van hierdie twee groepe nie. Verder is daar nie groot verskille teenoor die genoemde evaluerings van die twee Swart bevolkingsgroepe in hierdie studie nie.

### Sotho's

- Religieuse waardes is belangrik om probleme op te los en is relevant, maar is minder belangrik in beroepskeuses. Godsdienbsbeoefening word nie juis deur sekulêre aktiwiteite beïnvloed nie.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

- Verhoudingswaardes word as belangrik beskou, maar aspekte soos opofferings om familiebande te versterk en om samewerking met kollegas te verkry beïnvloed die belangrikheid van verhoudingswaardes negatief.
- Morele waardes word as redelik belangrik beskou.
- Kultuurwaardes is algemeen gesproke en ook in spesifieke situasies tot 'n mate van belang.
- Ekonomiese waardes is redelik belangrik.
- Intellekturele waardes is redelik belangrik, maar geletterde persone verdien nie meer aansien en respek as ongeletterde persone nie.
- Beroepswaardes is baie belangrik en sluit aspekte soos beroepsbevrediging in.
- Liggaamlike waardes is belangrik, maar aanvullende nutriënte word nie gereeld gebruik nie.
- Lewenswaardes word in die algemeen as belangrik beskou en wanneer deelnemers in sommige situasies geplaas word, word die belangrikheid van lewenswaardes bevestig. Hier teenoor is verpligte noodhulp vir motorbestuurders en aborsies van minder belang.
- In die algemeen en in spesifieke omstandighede is veiligheidswaardes baie belangrik.
- Selfwaardes word as baie belangrik beskou en in spesifieke situasies kan die belangrikheid van selfwaardes verhoog.
- Gemoedswaardes word as belangrik beskou.
- Die deelnemers meen dat algemeen gesproke regswaardes redelik belangrik is en die belangrikheid daarvan word nog sterker deur bepaalde situasies bevestig.
- Estetiese waardes word as minder belangrik beskou. Die antwoorde van die deelnemers op sekere situasies, soos die belangrikheid van musiek, nasionale orkeste en persoonlike skoonheid word as redelik onbelangrik beskou. Die estetiese aspekte van 'n dorp se geboue en algemene verfraaiing sowel as die aankoop van kunswerke is van meer belang.
- Teenoor ander waardeterreine is natuur/omgewings- en ontspanningswaardes nie juis belangrik nie, maar in spesifieke situasies word dit wel as belangrik beskou. Meer tyd hoef egter nie aan films op die televisie afgestaan te word nie.
- Die waardes rondom tyd en ruimte is belangrik en die deelnemers verkies om nie oortyd te werk nie. Privaatheid is egter nie so belangrik soos vir die ander etniese groepe nie.
- Nasionale waardes is van die minder belangrike waardes. Nasionale diensplig en die dra van die landsvlag word tog as baie belangrik beskou.
- Outoriteitswaardes word nie juis as belangrik beskou nie en hierdie siening word in die beoordeling van die spesifieke situasies bevestig. Ondemokratiese mag word verwerp.
- Politieke waardes word as 'n minder belangrike gesinsekologiese waardeterrein beskou.

### Tswanas

- Die Tswanas meen ook dat religieuse waardes baie belangrik is, veral in krisisse en is relevant vir die alledaagse lewe, maar minder belangrik in die keuse van 'n beroep. Godsdiensbeoefening word nie juis deur sekulêre aktiwiteite beïnvloed nie.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

- Verhoudingswaardes word as belangrik beskou, maar aspekte soos opofferings om familiebande te versterk en samewerking met kollegas te verkry, beïnvloed die belangrikheid van verhoudingswaardes negatief.
- Algemeen gesproke is morele waardes redelik belangrik, maar eerlikheid en sedelikheid is nie so belangrik soos integriteit nie.
- Kultuurwaardes word nie juis in die algemeen as belangrik ervaar nie.
- Algemeen gesproke is ekonomiese waardes belangrik en in bepaalde situasies verhoog die belangrikheid daarvan.
- Intellekturele waardes is redelik belangrik, maar geletterde persone verdien nie besondere aansien en respek nie.
- In die algemeen is beroepswaardes baie belangrik.
- Liggaamlike waardes is baie belangrik.
- Lewenswaardes word in die algemeen as redelik belangrik beskou. Verpligte noodhulp vir motorbestuurders is egter van minder belang. Aborsies is onder sekere omstandighede redelik aanvaarbaar.
- Veiligheidswaardes is belangrik en veral in die beveiliging van woonbuurtes.
- Selfwaardes word as baie belangrik beskou.
- Onsekerhede heers ten opsigte van die belangrikheid van regswaardes en in spesifieke situasies word regswaardes as belangrik beskou. Regverdigheid ten opsigte van gelykheid word veral as belangrik beskou.
- Estetiese waardes word as minder belangrik beskou. Die antwoorde van die deelnemers op sekere situasies soos die belangrikheid van nasionale orkeste, die bewaring van estetiese geboue en veral persoonlike skoonheid word as onbelangrik beskou.
- Wanneer natuur/omgewings- en ontspanningswaardes met ander waardes vergelyk word, is dit van die minder belangrike gesinsekologiese waardeterreine. In spesifieke situasies is ontspanningswaardes tog van belang.
- Die waardes rondom tyd en ruimte is redelik belangrik veral in terme van tydsbenutting en die deelnemers verkies om nie oortyd te werk nie.
- Nasionale waardes is redelik belangrik en tog is patriotisme van die minder belangrike waardes. Sekere aspekte van nasionale waardes kan dus die belangrikheid van nasionale waardes beïnvloed.
- Outoriteitswaardes word nie juis as belangrik beskou nie en hierdie siening word in die beoordeling van die spesifieke situasies bevestig. Meer mag aan studente word verkies.
- Al die deelnemers het aangedui dat politieke waardes van die minder belangrike gesinsekologiese waardeterreine is.

### Xhosas en Zoeloes

Die Xhosa- en Zoeloesperekendes het ook uit dieselfde stamgroep, naamlik die Nungi groep, ontwikkel en daarom is daar ook ooreenkoms in hulle tale. Vir beide hierdie groepe is dit belangrik om in hulle eie taal aangehoor te word. In aansluiting hierby is die bewaring van kultuur vir hierdie twee groepe belangrik. Hierdie twee etniese groepe verskil ook nie veel in hulle evaluering van waarde-oriëntasies nie. Die Xhosas meen dat verhoudings nie so belangrik is soos selfbelang nie. Selfbelang is ook vir die Zoeloes belangrik. Dit word bevestig deurdat die ander swart etniese groepe beweer dat die Zoeloes dominerend is.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Redes hiervoor kan moontlik wees dat hulle van jongs af op hulle self aangewese was en daar 'n sterk strewe is vir selfversorging. Tog word individualiteit nie baie hoog geëvalueer nie. Dit kan wees omdat daar van jongs af sterk klem op groepsbelang geplaas word. Genoemde selfbelang word aangetref wanneer daar gemeen word dat die regering moet sorg vir veiligheid en dat hulle self nie behulpsaam wil wees om parke op te ruim nie. Dit wys moontlik daarop dat hulle meen dit is nie hulle verantwoordelikheid en werk nie. Intellektuele waardes is ook verbind aan selfwaardes en is vir die Zoeloes en die Xhosas belangrik. Die Xhosas het 'n groter respek vir geletterdheid as ander groepe en hierdie houding dui moontlik op die strewe na status. Hierdie strewe na status hang saam met die feit dat die Xhosas politieke waardes (wat status en mag insluit) belangriker as die ander etniese groepe ag. 'n Rede hiervoor is moontlik dat hulle polities in beheer voel aangesien 'n Xhosa (Nelson Mandela) die eerste swart staatspresident van Suid-Afrika was. Die betrokkenheid by waardes kan dus die belangrikheid van 'n waarde beïnvloed.

### Xhosas

- Hierdie groep beskou religieuse waardes as belangrik. Godsdienst word as relevant vir die alledaagse lewe en die oplossing van probleme beskou. Godsdienstbeoefening word nie huis deur sekulêre aktiwiteite beïnvloed nie en die keuse van 'n beroep is nie huis afhanklik van godsdiensstige oortuigings nie.
- Sommige deelnemers meen dat verhoudingswaardes belangrik is, maar aspekte soos opofferings om familiebande te versterk en om samewerking met kollegas te verkry beïnvloed die belangrikheid van verhoudingswaardes negatief.
- Morele waardes is redelik belangrik maar situasies soos eerlikheid en sedelikheid, is minder belangrik as integriteit.
- Anders as by die ander etniese groepe wat in hierdie studie ondersoek is, word kultuurwaardes in die algemeen as redelik belangrik ervaar. In spesifieke situasies word 'n nog groter mate van belangrikheid van kultuur aangedui.
- Ekonomiese waardes word oor die algemeen as belangrik beskou.
- Intellektuele waardes is redelik belangrik, maar geleerde persone verdien nie meer aansien en respek as ongeletterdes nie.
- Beroepswaardes is in die algemeen baie belangrik, maar kan negatief beïnvloed word deur veeleisende situasies.
- Liggaamlike waardes is baie belangrik.
- Lewensaardes word in die algemeen as baie belangrik beskou. Hierteenoor is verpligte noodhulp vir motorbestuurders van minder belang. In sekere omstandighede word aborsies tot 'n mate aanvaarbaar.
- Veiligheidswaardes is baie belangrik waar daar in die algemeen en veral in die beveiliging van woonbuurtels na verwys word. Die deelnemers is egter nie geneë om behulpsaam te wees as aspekte soos dienslewering en deursoeking by winkels ter sprake is nie.
- Selfwaardes is vir die deelnemers belangrik.
- Gemoedswaardes is belangrik en in sekere omstandighede word die belangrikheid van gemoedswaardes verhoog.
- Regswaardes word as redelik belangrik beskou. Die regte van die individu is veral belangrik.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

- Estetiese waardes word as minder belangrik beskou. Die antwoorde van die deelnemers op sekere situasies, soos die belangrikheid van kunswerke en persoonlike skoonheid, word as onbelangrik beskou. Die estetiese aspekte van 'n dorp se geboue en algemene verfraaiing is van meer belang.
- Teenoor ander waardeterreine is natuur/omgewings- en ontspanningswaardes nie huis belangrik nie, maar in spesifieke situasies word dit wel as belangrik beskou. Meer tyd hoef egter nie aan films op die televisie afgestaan te word nie.
- Alhoewel tyd-ruimtelike waardes nie huis belangrik vertoon wanneer dit met ander waardes vergelyk word nie, is dit tog in die praktyk belangrik.
- Nasionale waardes word as redelik belangrik beskou en dit word in die evaluering van spesifieke situasies weerspieël.
- Outoriteitswaardes word nie huis as belangrik beskou nie en hierdie siening word in die beoordeling van die spesifieke situasies bevestig.
- Politieke waardes word as 'n minder belangrike waardeterrein beskou. Hierdie deelnemers is die etniese groep wat politieke waardes egter die hoogste evalueer.

### Zoeloes

- Hierdie groep Zoeloesperekendes beskou religieuse waardes as redelik belangrik vir die oplos van probleme en belangrik vir die hedendaagse omstandighede in die land, maar minder belangrik in beroepskeuses. By hierdie groep is daar 'n verdraagsaamheid teenoor die sekulêre leefwyse.
- Verhoudingswaardes word as belangrik beskou, maar aspekte soos oopofferings om familiebande te verstrek en samewerking met kollegas te verkry, beïnvloed die belangrikheid van verhoudingswaardes negatief.
- Morele waardes is redelik belangrik en integriteit is belangriker as eerlikheid en sedelikheid.
- Algemeen gesproke meen hierdie groep dat kulturele waardes nie huis belangrik is nie.
- Ekonomiese waardes is redelik belangrik en bepaalde situasies verhoog die belangrikheid daarvan.
- Intellektuele waardes is redelik belangrik, maar geleerde persone verdien nie meer aansien en respek as ongeletterdes nie.
- Beroepswaardes word as belangrik beskou, maar tog is werksbevrediging en die neem van risiko's wat die beroep (werk) negatief kan affekteer, minder belangrik.
- Liggaamlike waardes is vir die deelnemers baie belangrik.
- Lewenswaardes word in die algemeen as baie belangrik beskou. Spesifieke situasie kan egter die belangrikheid van hierdie waardes verminder. Verpligte noodhulp vir motorbestuurders word nie as baie belangrik beskou nie. Onder sekere omstandighede is aborsies aanvaarbaar.
- In die algemeen en in spesifieke situasies word veiligheidswaardes baie belangrik geag.
- Selfwaardes word as baie belangrik beskou.
- Gemoedswaardes word as baie belangrik beskou.
- Alhoewel die regswaardes in die algemeen nie as een van die belangrikste waardes beskou word nie, dui spesifieke situasies, soos die regte van die individu, aan dat regswaardes as belangrik beskou word.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

- Omgewingswaardes se belangrikheid vertoon 'n neutraliteit in die algemeen, maar in spesifieke situasies is omgewingswaardes tog baie belangrik. Die deelnemers is egter nie gewillig om self sterk betrokke te raak by die opruiming van 'n park nie. Die gee van geld vir natuurbewaring word egter meer aanvaarbaar geag.
- Estetiese waardes word as minder belangrik beskou. Die deelnemers beskou die spandering van geld op persoonlike skoonheid as onbelangrik. Die estetiese aspekte van 'n dorp se geboue, die algemene verfraaiing van die tuisdorp en die aankoop van kunswerke is van belang.
- Ontspanningswaardes is volgens die deelnemers van redelike belang.
- Die deelnemers meen dat tyd en ruimte waardes redelik belangrik is, maar persoonlike ruimte is nie so belangrik soos vir die ander etniese groepe nie.
- Nasionale waardes word as redelik belangrik beskou in die evaluering van spesifieke situasies.
- Outoriteitswaardes word nie juis as belangrik beskou nie.
- Politieke waardes word nie as 'n belangrike gesinsekologiese waardeterrein beskou nie. Hierdie deelnemers is die etniese groep wat partypolitiek wel tot 'n mate by die werk sal toelaat.

Dit blyk dus dat die etniese groepe se waardeprioriteite nie veel van mekaar verskil nie.

### **2.3.3 Waardeprioriteite binne 'n teoretiese benadering vir kontekste**

Uit die voorafgaande is daar aangedui dat die kulturele konteks waardeprioriteite kan beïnvloed. Jordaan & Jordaan (1988:49) beklemtoon dat die konteks belangrik is in die verklaring van gedrag. Benewens die bespreekte kontekste wat die waardeprioriteite kan beïnvloed is die intrakonteks, interkonteks en gebeurekonteks. Genoemde drie kontekste kan gebruik word om waardeprioriteite te verklaar en te beskryf:

- Die intrakonteks (ook bekend as intrapsigies), naamlik dit wat uniek aan die persoon self is en sluit onder andere persoonlikheidseienskappe, behoeftes, doelwitte, persepsies, ervarings en gedragswyse in. Die intrakonteks kan die persoon se gedrag en gevvolglik sy waardeprioriteite bepaal.
- Die interkonteks naamlik algemene gedragspatrone kan onder andere die hedendaagse denkrijeting/ ideologieë, kulturele gebruikte, sosiale verwagtings, -invloede en gedragspatrone sowel as sosio-ekonomiese omstandighede insluit. Die interkonteks kan die persoon se gedrag en gevvolglik sy waardeprioriteit bepaal.
- Gebeurekonteks waar 'n 'hier-en-nou' gebeure, keuses kan bepaal. Bepaalde gebeure (situasies) kan dus op 'n spesifieke oomblik die belangrikheid van 'n waardeoriëntasie, waarde en waardeterrein bepaal. Hierdie gebeurekonteks kan die inter- en die intrakonteks domineer en lei tot 'n verandering in die individu se gedragspatrone. Gedrag wat deur die gebeurekonteks beïnvloed word, kan ook as reaktief van aard wees. Verder kan gedrag soms wisselvallig wees omdat dit onderworpe aan die wisselvalligheid van gebeure kan wees. Die gebeurekonteks kan die persoon se gedrag en gevvolglik sy waardeprioriteite beïnvloed.

Keuses en gedrag kan egter kompleks wees, daarom is bogenoemde klassifikasie (onderskeiding) van kontekste teoreties. Die teoretiese onderskeid tussen die verskillende kontekste is wel nodig aangesien dit dien as 'n raamwerk om gedrag te verklaar. Al drie kontekste figureer, maar onder bepaalde omstandighede is sekere konteks(te) dominant.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Die volgende konteksgekoppelde voorbeeld kan gegee word:

1. Gebeurekonteks → Keuse, gedrag en waardeprioriteite.

Gedrag is op die gebeure (konteks), as die beïnvloedende faktor, gefokus. Omdat gebeure wisselvallig kan wees, kan gedrag ook wisselvallig en dus onvoorspelbaar wees en tot wisselvallige waardeprioriteite lei. Die intra- en interkonteks word onderdruk. Die sogenaamde vigsepidemie is 'n voorbeeld van 'n gebeurekonteks wat by sekere persone gelei het tot die verandering in seksuele gedragspatrone en die belangrikheid van liggaamlike waardes na vore laat tree het.

2. Gebeurekonteks + intrakonteks → Keuse, gedrag en waardeprioriteite.

Gedrag word onder meer bepaal deur persoonlike voorkeure / behoeftes binne 'n bepaalde gebeurekonteks. Gedrag en gevole waardeprioriteite word dus bepaal deur gebeure binne die raamwerk van die persoonlikheid. Die interkonteks word dan onderdruk. Die volgende voorbeeld kan genoem word. Een van die deelnemers het 'n werksaanbod in 'n ander land (gebeurekonteks) ontvang. Sy aanvaar dit omdat sy individualisties is en 'n ondernemingsgees openbaar (intrakonteks).

3. Gebeurekonteks + interkonteks → Keuse, gedrag en waardeprioriteite.

Gedrag kan bepaal word deur byvoorbeeld bepaalde gebeure en kulturele voorskrifte. Die persoon se gedrag openbaar dus die invloed van die gebeure en kulturele voorskrifte terwyl eie behoeftes of begeertesonderdruk word. Afhangende van die invloed van die gebeurekonteks, kan gedrag redelik voorspelbaar wees aangesien kulturele voorskrifte bekend is. Die ervaring van een van die deelnemers kan as voorbeeld genoem word. Haar etniese groep waaraan sy behoort se kulturele voorskrifte (interkonteks) bepaal dat daar *lobola* betaal moet word wanneer 'n vrou'n huweliksaanbod ontvang. Daar word van haar verwag om nie onmiddellik te trou nie aangesien haar aanstaande nog nie genoeg geld vir die *lobola* het nie. Haar behoeftes en begeertes (intrakonteks) is nie in die huweliksaanbod (gebeurekonteks) hier ter sprake nie, maar wel die kulturele voorskrifte (interkonteks).

4. Gebeurekonteks + intrakonteks + interkonteks → Keuse, gedrag en waardeprioriteite.

Gedrag kan deur bepaalde gebeure, persoonlike voorkeure, met inagneming van kulturele voorskrifte, bepaal word. Binne die raamwerk van persoonlikheid en kulturele voorskrifte kan gebeure geëvalueer word wat tot keuses en gedrag kan lei. As voorbeeld van die wisselwerking tussen die kontekste, kan die omstandighede van 'n informant gebruik word. Die betrokke informant is 'n weduwee en noem dat haar seun stout was (gebeurekonteks). Sy ervaar magteloosheid (intrakonteks) en besluit volgens kulturele gebruik dat die hoofman die persoon is wat hom moet tuggig (interkonteks).

5. Interkonteks + intrakonteks → Keuse, gedrag en waardeprioriteite.

Gebeure figureer nie en word nie in ag geneem nie en slegs persoonlike voorkeure met inagneming van kulturele voorskrifte kan keuses en gedrag bepaal. Meer reëlvolgende

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS


optrede volgens persoonlike voorkeure en kulturele voorskrifte kan dus voorspel word. 'n Voorbeeld uit hierdie studie is die volgende. 'n Indiër deelnemer noem dat sy die behoefté het aan status en volgens haar kultuur gee geleerdheid en finansiële vermoëns hierdie status. Haar doelwit (waardeprioriteite) is dus om geld bymekaar te maak (ekonomiese waardeprioriteit) en geleerdheid (intellektuele waardeprioriteit) te verkry.

6. Interkonteks → Keuse, gedrag en waardeprioriteite.

In bogenoemde situasie is byvoorbeeld die kulturele voorskrifte dominant. 'n Meer reëlvolgende optrede volgens kulturele voorskrifte kan dus gedrag redelik voorspelbaar maak. Uit hierdie studie kan die volgende voorbeeld genoem word. 'n Deelnemer noem dat dit die gebruik in hulle gesin is dat die ma moet sê watter beroep haar dogter moet volg (interkonteks) en daarom het sy 'n verpleegster geword.

7. Intrakonteks → Keuse, gedrag en waardeprioriteite.

Die gebeure en die kulturele voorskrifte word nie in ag geneem nie, maar slegs eie voorkeure. Gedrag en keuse van waardeprioriteite kan in ooreenstemming met die persoonlikheid wees en kan tot meer reëlvolgende optrede volgens persoonlike voorkeure lei. In hierdie studie het die volgende voorbeeld wat die intrakonteks weerspieël na vore gekom. 'n Deelnemer het genoem dat sy 'n begeerte gehad het om 'n verpleegkundige te word. Sy het 'n verpleegster geword ten spye van haar kulturele tradisies wat bepaal dat die vrou eerder net 'n huisvrou moet wees. Die onderstaande model kan die werking van bogenoemde kontekste aandui.



FIGUUR 10.5: KONTEKSTUELE MODEL VIR GEDRAGSANALISE

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Wanneer gedrag en gevolglik waardeprioriteite en ander konsepte soos houdings, behoeftes en oortuigings nagevors word, moet dit binne die konteks waarbinne waardes en ander konsepte voorkom, gedoen word.

### 2.3.4 Teorie van gedragsmoontlikhede

Dit is soms nie moontlik om gedrag aan waardes te koppel nie en 'n verdere moontlikheid om gedrag en waardeprioriteite te verklaar, is om 'n teoretiese raamwerk te skep vir kreatiewe gedrag wat nie altyd op die konvensionele wyse verklaar of verstaan kan word nie. So 'n moontlikheid kan aansluit by Zander (2001) se *art of possibilities* en word deur die navorsers as die teorie van gedragsmoontlikhede gesien. Hierdie teorie van gedragsmoontlikhede beklemtoon dat gedrag nie altyd verklaarbaar is binne die positivistiese siening van oorsaak en gevolg nie, ook nie in terme van spiraalbewegings nie (kyk Figuur 7.2 & 7.3), maar dat gedrag enige moontlike opsie kan volg. Omdat gedrag dus nie altyd voorspelbaar is nie, kan dit die resultaat wees van eie kreatiwiteit of wispelturigheid eerder as reëlvolgende of waardegestuurde gedrag. Die eksterne-, interne- en gebeurekonteks (kyk Figuur 10.5) kan ook 'n rol in die teorie van gedragsmoontlikhede speel (kyk Figuur 10.6).



**FIGUUR 10.6: VOORSTELLING VAN DIE TEORIE VAN GEDRAGSMOONTLIKHEDE**

Die volgende twee voorbeeld wat die teorie van gedragsmoontlikhede illustreer, word genoem. Eerstens wanneer 'n jong volwassene uit 'n tradisionele kultuur van die Swart inheemse etniese groepe die Westerse beroepswêreld van verpleging betree, word sy in 'n bepaalde konteks geplaas wat nuwe gedragsmoontlikhede bied. Die beroepswêreld van die Westerse kultuur kan van haar tradisionele kultuur, waar die vrou 'n huisvrou is, verskil. Genoemde verpleegkundige moet vanuit haar bekende tradisionele gedragspatrone, houdings en waardes wat sy geïnternaliseer het, besluite in 'n konteks met bepaalde gedragsmoontlikhede maak. Hierdie moontlikhede is onder andere die verwerping van haar kulturele gebruik, om beide kulture se gebruik ten onsigte van geslagsrolle te probeer implimenteer of na verdere uitdagings en moontlikhede soos onder andere, om in andere lande meer geld te gaan verdien of om haar Westerse kennis met die van die tradisionele kulture te kombineer, op haar beroepsterrein te soek. Die volgende faktore sou haar gedragskeuse kon beïnvloed: die betekenis wat sy aan haar kulturele oortuigings en waardes rondom beroep en geslagsrolle (eksterne konteks) gee, haar interne konteks soos onder andere haar eie persoonlike emosies en denke rondom beroepswaardes, kreatiewe vermoëns, gewilligheid tot inisiatief of waagmoed en geneigheid tot die irrasionele sowel as die

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

gebeurekonteks (Westerse situasie) waarbinne sy haar bevind. 'n Tweede voorbeeld, in hierdie studie, wat geleei het tot probleemoplossings is die moedergesinne wat op kreatiewe wyses saamwerk om die probleem rondom armoede en die 'afwesige vader' te hanteer (kyk p.114).

Die teorie van gedragsmoontlikhede maak huis voorsiening dat gedrag nie patronen volg nie en soms as onvoorspelbaar, wispeturig, moontlik irrasioneel en kreatief beskou kan word. Wanneer gedrag binne die teorie van moontlikhede gesien word, moet die onverwagte dus verwag word en nuwe wisselvallige gedrag as 'gedragspatrone' aanvaar word. Hierdie sogenaamde wisselvallige gedrag van die teorie van gedragsmoontlikhede kan moontlik uit wisselende waardeprioriteite voortvloei.

### 2.4 Waardeprioriteite en die wesenskenmerke van waardes

Uit die bespreking van waardeprioriteite kan daar tot die volgende algemene gevolgtrekking gekom word. (Hierdie algemene gevolgtrekking sluit aan by die wesenskenmerke van waardes soos dit in Hoofstuk 2 uiteengesit is.)

Gesinsekologiese waardes is universeel en kom onder al die etniese groepe in hierdie studie voor. Tussen die verskillende etniese groepe is daar nie groot meningsverskille ten opsigte van die belangrikheid van die gesinsekologiese waardes waargeneem nie. Daar kom slegs verskille in die graad van belangrikheid van gesinsekologiese waardes en waarde-oriëntasies voor.

Gesinsekologiese waardeterreine wissel van belangrik tot minder belangrik en kan dus as vloeibaar beskou word. 'n Rede hiervoor is dat bepaalde kontekste waardeprioriteite kan beïnvloed en die volgende voorbeeld word ter illustrasie hiervan gestel. So kan die sosio-ekonomiese en sosio-kulturele kontekste die belangrikheid van waardes beïnvloed. Verder kan denkrigtings van die postmodernisme, wat onder andere met informasie en tegnologie verband hou, die belangrikheid van waardes en waarde-oriëntasies beïnvloed (Veith, 1994:173-188). Die belangrikheid van waardes word dus uit konsepsies wat deur nuwe denkrigtings bekend gestel word, gevorm. Daar kan ook 'n sterk verband tussen beroepe en sekere waardes wees aangesien ervarings op die beroepsterrein die belangrikheid van waardes kan beïnvloed.

Gesinsekologiese waardes kan moontlik mekaar onderling beïnvloed. Daar kan dan waardegroeperings van gesinsekologiese waardes plaasvind en dit dui moontlik op verskillende waardesisteme. Gesinsekologiese waardes is, in hierdie verband, veelvuldig.

Die skaal en antwoorde op die vraelyste het aangetoon dat waardes 'n affektiewe, kognitiewe en konatiewe komponent het. Uit gedragsintensies en bepaalde gedrag (soos onder andere uit die antwoorde op die gesinstake en ontwikkelingstake) kan waardes indirek afgelei word. Verder is dit ook 'n aanduiding van sogenaamde waardegestuurde gedrag. Waardes en waarde-oriëntasies is dus keuse- en gedragsbepalend.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Waardes het as 'n kriterium gedien om die belangrikheid van bepaalde gesinsekologiese terreine te bepaal. Verder het dit ook as 'n kriterium gedien vir voorskriftelike en/of voorkeur gedrag.

Bestaande wesenskenmerke bevestig die multi-dimensionaliteit van waardes.

### 3. DIE OORDRA VAN WAARDES

Die volgende aspekte word aangeraak wanneer die oordra van waardes bespreek word naamlik: die draers van waardes, die besondere omstandighede wanneer waardes oorgedra word, hoe waardes oorgedra en aangeleer word sowel as die waardevormingsproses of die internalisering van waardes.

#### 3.1 Draers van waardes

In hierdie studie speel gesinslede 'n belangrik rol in die oordra van waardes (kyk Hoofstuk 9). Duvall en Miller (1985:54-60) bevestig hierdie bevindings. In die oordra van waardes word daar tot 'n mate bepaalde gesinsekologiese waardeterreine aan spesifieke gesinslede en bepaalde persone gekoppel. Die redes waarom sekere persone sekere waardes oordra, kan die volgende wees:

- Moeders word tot 'n groot mate gesien as die draers van morele-, verhoudings-, self-lewens-, liggaamlike en religieuse waardes (kyk Tabelle 9.1 & 9.2). In die eerste vyf genoemde waardeterreine is die basiese gedragsreëls van die jong kinderjare vervat. Dit is juis die moeder wat in die jong kinderjare die meeste kontak met haar kind het. Wat die religieuse waardeterrein betref meen Van Schalkwyk (2000) dat vroue die grootste deel van die kerk van die Swart inheemse bevolkingsgroepe uitmaak. Daarom is dit te verstane dat moeders van genoemde etniese groepe meer betrokke is by die oordra van religieuse waardes.
- Beroepswaardes en intellektuele waardes word veral deur die vaders oorgedra. Moontlike redes hiervoor is dat die vader tradisioneel gekoppel word aan die rol van broodwinner en versorger en beklee 'n beroep wat dikwels opleiding vereis. Opleiding vir 'n beroep kan weer aan intellektuele waardes gekoppel word.
- Dit is veral op die kulturele en religieuse waardeterreine waar die ouma 'n belangrike bydrae binne die gesin maak. Moontlike redes hiervoor is dat oumas die tradisies van die etniese groep beter ken en baie meer betrokke daarby is. Volgens Codrington (2001b) is die ouer generasie (soos oumas) baie gestel op tradisies en glo dat dit hedendaags nog van toepassing is. Die religieuse word moontlik ook aan die kulturele gebruikte van die verlede gekoppel.
- Gesinslede, familie en vriende is belangrike rolspelers (kommunikeerders) in verhoudings en die gemoedslewe (emotiewe aspek van kommunikasie). Daarom het hulle 'n belangrike invloed op gemoeds- en verhoudingswaardes.
- Die media voorsien rolmodelle aan die deelnemers. Ontspanning, die reg en politiek is gereelde onderwerpe in die media en daarom word die media tot 'n groot mate die draers van hierdie waardes. Die media hanteer ook onderwerpe soos selfbeeld en die bevordering daarvan en daarom speel dit 'n belangrike rol in die oordra van hierdie waardes. Daar kan dus aanvaar word dat die onderwerpe (gesinsekologiese terreine) wat die media hanteer tot die vorming van hierdie waardes sal lei.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

- Aangesien die kerk hoofsaaklik daar is vir die bevordering van religieuse waardes het die kerkleiers 'n goeie kennis van religieuse waardes. Godsdiensonderrig was ook 'n belangrike komponent van die skool en daarom is die skool ook 'n belangrike draer van hierdie waardes by die bepaalde ondersoekgroep.
- Die skool se personeel speel belangrike rolle in die oordra van waardes op die intellektuele en die outhoriteitswaardeterreine. Moontlike redes hiervoor is dat in die skoolsituasie gekonsentreer word op die intellektuele en dit word binne 'n outhoriteitsstelsel gedoen. Onderwysers en lektrises het skynbaar ook as rolmodelle gedien.
- Wanneer die individu in bepaalde situasies (konteks) geplaas word, kan sy deur moontlike eksperimentering en redenering (kognitiewe leer) gedragsvoorskrifte formuleer wat weer tot bepaalde waardes en waarde-oriëntasies kan lei. Deur genoemde situasies en rasionele denke kan die individu haar identiteit en selfwaardes ontdek. Spesifieke situasies kan ook tot emosionele ervarings lei en kan dus die emotiewe deelsisteem (gemoed) van die individu positief of negatief beïnvloed.

### 3.2 Kontekste en die oordra van waardes

Alhoewel die fokus op die gesin se rol in die oordra van waardes is, is dit in hierdie studie duidelik dat ander persone en instansies ook 'n belangrik rol in die oordra van waardes gespeel het. Bevestiging hiervoor is ook uit ander studies verkry en waar van toepassing word dit aangetoon. Die volgende omstandighede en redes kan hiervoor aangevoer word:

#### 3.2.1 Gesinsamestelling

- Ouers bly steeds die belangrikste draer van waardes. Daarom waar ouers teenwoordig is, word die denkrigtings, idees, houdings, oortuigings en waardes van ouers en ouer persone na kinders en die latere jong volwassene oorgedra. Hedendaags vind gesinsverbrokkeling egter toenemend plaas en dit lei tot verandering in gesinsamestellings (Louw, 2000). Die proses van akkulturasie kan moontlik aanleiding gee tot groter gesinsverbrokkeling. Wanneer die tradisionele konserwatiewe kultuur die idees en houdings van die Westerse sogenaamde 'nuwerwetse liberalistiese kultuur' of 'vry kultuur' oorneem kan dit uitloop op gesinsverbrokkeling (Trollip, 1991:244). Herstrukturering van die gesin moet dan plaasvind en tradisionele gesinsrolle moet herverdeel word. Die afwesigheid van veral die vader lei daartoe dat sy rol as draer van bepaalde waardes ook deur ander persone soos die moeder, ouma, gesinslede en selfs die gemeenskap oorgeneem word (Parsons, 1971). Hierdie gedragspatrone is veral waar ten opsigte van die Swart inheemse etniese groepe. Verder is die vader soms nie fisies afwesig nie, maar as gevolg van sy werk, kulturele gebruikte en persepsies van wat sy rol is, is hy glad nie of minder betrokke by die kinderopvoeding en die oordra van waardes.
- Die opvoedingstaak en gevolglik die oordra van waardes word by sommige gevalle aan iemand anders oorgedra. Dit is bestaande praktyk onder die verskillende swart etniese groepe dat die ouma soms hierdie taak oorneem. Sy moet dan die rol van

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

beide ouers oorneem en is dan tot 'n groot mate verantwoordelik vir die oordra van waardes.

- Die versorging deur huishulpe, ouer broers en susters asook soms familielede en ander volwassenes in die gemeenskap en selfs vriende dra by tot die oordra van waardes. Redes hiervoor lê onder andere in kulturele gebruik, die werkende moeder se afwesigheid by haar gesin en die aanklank wat sommige jeugdiges vind by hulle portuurs en rolmodelle. Die vroeë sterfte van ouers weens die vigs epidemie sal moontlik toenemende eise op die versorging en oordra van waardes aan wesies op die familie, vriende en die gemeenskap plaas.
- Uitgebreide gesinne vorm deel van die kollektivistiese leefwyse van die Indiërs (Moodley, 1993) en swart etniese groepe (Van der Walt, 1991:213-214, 219; Van Schalkwyk, 2000) en daarom is familielede soms deel van die opvoedingsproses en waardeoordraging.

### 3.2.2 Kulturele gebruik en invloede

- Onder sekere gesinne in etniese groepe is dit nie die gebruik dat waardes rondom die seksuele terrein deur die ouers oorgedra word nie. Hierdie funksie word dan deur ouer broers of susters of ander familielede of selfs die skool verrig. Portuurs speel soms hier 'n belangrike rol.
- Die oordra van kulturele gebruik word tot 'n groot mate in sekere etniese groepe aan die ouma oorgelaat. By nadere ondersoek het ouer persone dit as hulle plig beskou om die kulturele 'erfenis' oor te dra. Blybaar weet hulle ook meer van die tradisionele verlede as ander betrokkenes. Ouer persone het ook 'n behoefté om hulle tradisies en kennis van die verlede oor te dra. Volgens Van der Walt (1991:211-213) is die Swart inheemse etniese groepe tradisioneel meer gerig op die verlede as op die toekoms terwyl die Blanke etniese groepe in Suid-Afrika al hoe meer toekomsgerig optree.
- Akkulturasie lei tot die verandering van prioriteit van waardes en die oordra van waardes. Die verskillende kulture waarmee die kind en jong volwassene in Suid-Afrika in aanraking kom, bring mee dat akkulturasie plaasvind. Die voorbeeld wat hieronder volg is veral van toepassing op die van die swart inheemse etniese groepe. As gevolg van die ongeletterdheid van ouers in veral die platteland kan die ouer en kind hulle op twee vlakke van akkulturasie bevind. Wanneer ouers en kinders op verskillende vlakke van akkulturasie is, kan dit meebring dat persone van buite eerder betrokke is by die oordra van waarde-oriëntasies en waardeprioriteite. Daarom word aangetoon dat die kerk, skool en media betrokke is by die prioritisering en oordra van waardes en waarde-oriëntasies (kyk Tabelle, 9.1 & 9.2). 'n Gevolg hiervan is dan ook bi-kulturalisme (Taylor, 1991) wat plaasvind. Waarde-oriëntasies van die Westerse kultuur sowel as die van die kultuur van die eie etniese groep word nagevolg. Daarom word genoem dat daar binne 'n 'Westerse wêreld' aangeleerde waarde-oriëntasies rondom die huwelik van die Westerse sowel as die van die bepaalde etniese groep toegepas sal word. Redes hiervoor lê moontlik daarin dat die huwelik as deel van die intieme verhoudingslewe binne die gesin van oorsprong gesien word. Beide die gesin en die sogenaamde 'Westerse buitewêreld' dien dus as draers van die

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

waarde-oriëntasies rondom die huwelik. Op die terrein van die beroep blyk dit dat die ouers en die kinders hulle meer op dieselfde akkulturasie vlak bevind. Beide die ouers en kinders en dan die latere jong volwassene besef die belangrikheid van geletterdheid vir 'n vrou. Die afleiding kan dus gemaak word dat op sekere gesinsekologiese waardeterreine die gesin sowel as die buitewêreld draers van waarde-oriëntasies en waardeprioriteite is.

### 3.2.3 Betrokkenheid van gesinsekologiese terreine

Gesinsekologiese omgewings soos skole, kerke en ander opvoedkundige instellings speel 'n rol in die oordra van waardes (Melton, 1996:1236). Wetlike verpligte soos skoolopleiding en ondersteuningsinstansies soos kerke maak dat hierdie instellings betrokke by die kind se opvoeding is. Personeel van instellings soos die kerk en skool, dit wil sê predikante/pastore (en soortgelyke kerklike werkers) en onderwysers dra dan by tot die opvoeding en dus ook tot die oordra van waardes. Redes hiervoor lê moontlik in die feit dat 'n groot groep van die ouers ongeletterd is, onbewus van nuwe gedragspatrone is en sogenaamd te besig is om aandag aan die opvoeding van die kinders te bestee.

### 3.2.4 Tegnologie en kommunikasie

Dit is veral die media soos die radio, televisie en die geskrewe woord wat 'n rol kan speel in die oordra van kennis, houdings en so ook waardes. Aspekte soos natuurbewaring, gesondheid, selfbeeld, regssakte, toekomsbeplanning en menseverhoudings word deur opvoedkundige en joernaalprogramme, leiers en ander kundiges oor hierdie media hanteer. Die belangrikheid van die media as opvoedings- en opleidingsinstrument word toenemend raakgesien en gebruik.

### 3.2.5 Tydsgerigtheid

Daar is verskillende maniere hoe tyd ervaar word en watter betekenis daaraan gekoppel word. Hierdie verskille is veral duidelik in die verskille tussen die tradisies van die inheemse Swart etniese groepe en die Westerse leefwyse. Van der Walt (1991: 211-212) noem dat die tradisionele Swart inheemse etniese groepe hoofsaaklik 'n tweedimensionele tydsperspektief het en noem dat hulle ervaar dat die lang verlede die teenswoordige tyd 'insluk', dit wil sê die huidige is gedurig besig om die verlede te word. Hierteenoor staan die Westerse driedimensionale tydsperspektief wat van die verlede na die teenswoordige tot die toekoms beweeg. 'n Toekomsgerigte beplanning en optrede is egter besig om deel van die huidige jong volwassenes in hierdie studie se leefwyse te word. Die jong volwassene in hierdie studie meen dan ook dat hulle ouers en oumas in die verlede leef en daarom is tradisies en tradisionele kulturele gebruik (waarde-oriëntasies) vir hulle belangrik. Sommige deelnemers in hierdie studie dui aan dat die toekoms vir hulle belangrik is en daarom is die verlede en die tradisies en gebruik (waarde-oriëntasies) van die verlede nie so belangrik nie. 'n Jong volwasse informant maak die volgende stelling om dit te bevestig: "**Tradisies help nie veel as die toekoms gedurig verander nie.**" Die toekoms word gekenmerk deur voortdurende veranderinge en onsekerhede en daarom ervaar sommige jong volwassenes dat beplanning net op 'n kort termyn gedoen kan word en daar nie te lank voor die tyd beplan kan word nie.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Die jong volwassene is dus meer hedegerig in sy uitgangspunte ten opsigte van beoordeling van waardes. Daarom word die oordra van waarde-oriëntasies wat gerig is op die verlede nie sondermeer deur die jong volwassene aanvaar nie. Codrington (2001b) stem ook saam met hierdie verskillende beskouings ten opsigte van die toekoms en die verlede van die verskillende generasies. Verder kan daar moontlik 'n nuwe benadering in tydsgerigtheid ontstaan naamlik weer 'n twee-dimensionele siening wat in hierdie geval gerig is op die hede en die toekoms. Dit impliseer dat die huidige (vandag) in terme van die toekoms hanteer word. Dit wil sê beplanning is nie so noukeurig en duidelik nie aangesien die toekoms te veel veranderingsmoontlikhede het (Sunter, 1989). Ten opsigte van waardes bring dit mee dat waarde-oriëntasies en waardes net aanvaar sal word indien dit relevant vir die toekoms is.

### 3.2.6 Individualisme versus kommunalisme

Volgens Van der Walt (1991:213-214) kan etniese groepe die klem plaas op hetsy dit wat allereers vir die individu belangrik is, of dit wat allereers vir die gemeenskap (groep) belangrik is. Wanneer die gemeenskap belangrik is, het volwassenes van die gemeenskap, volgens bepaalde deelnemers van die Swart etniese groepe in hierdie studie, die reg om 'n kind of jonger persoon "... op te voed ..." (ondermeer waardes oor te dra). Hierteenoor staan die ervaring van 'n deelnemer uit die Afrikaanssprekende Blanke etniese groep wat aangedui het dat haar ouers haar geleer het om self te besluit wat vir haar persoonlik reg of verkeerd 'voel'. Laasgenoemde situasie kan op individualisme wys terwyl eersgenoemde situasie op kommunalisme wys.

Kontak, betrokkenheid en opvoeding van 'n persoon (kind) kan as 'n interaksieproses gesien word waartydens waardes oorgedra en gevorm word. Wanneer die gesinsekologie verander soos wanneer nuwe idees en oortuigings ontstaan, sal dit dus die interaksieproses van waardevorming beïnvloed. Hierdie standpunt strook met die interaksieproses van die gesinsekologiese perspektief. Die oordrag van waardes vind op verskeie maniere plaas en sal vervolgens bespreek word.

### 3.3 Faktore betrokke by die oordra en aanleer van waardes

Verskeie faktore speel 'n rol in die oordra en aanleer van waardes. Die volgende kan genoem word:

- Leervorme speel 'n rol wanneer waardes en waarde-oriëntasies aangeleer word. Deur operante kondisionering het die deelnemers aangetoon dat die waarde-oriëntasies tot 'n mate gevolg word sodat erkenning verkry kan word en die negatiewe vermy word. Sekere gedrag rondom die kulturele en verhoudings word gevolg om uitsluiting en straf van die gesin of etniese groep te vermy. Die nakom van tradisies rondom respek vir die ouer generasie en *lobola* van die swart etniese groepe is voorbeeld hiervan. Die deelnemers toon ook aan dat hulle deur kognitiewe leer waardeprioriteite bepaal en in sekere situasies (kontekste) beïnvloed word deur onder andere hulle eie voordeel. Die politieke waardeterrein word as minder belangrik beskou aangesien die deelnemers op grond van ontnugtering en bepaalde beredenerings die huidige politieke terrein negatief beleef. Sommige deelnemers het waardes deur sosiale leer geleer en noem dat sekere waarnemings van ander se gedrag, woorde en voorstellings

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

wat hulle ervaar het, hulle waardeprioritete beïnvloed het. Dit motiveer hulle gedrag. Die deelnemers verwys veral na die inskerp van waardes en voorbeeld van hardwerkendheid van hulle ouers of ouma. Hierdie gedrag van hulle ouers en ouma dien dan as 'n riglyn en motivering vir hulle eie toegegewydheid of hardwerkendheid.

Die huidige jong volwassenes verskil moontlik van die sogenaamde *silent generation* en die *boomers* ten opsigte van leervorme (Codrington, 2001b). Die jong volwassenes in hierdie studie gee beredeneerde antwoorde ten opsigte van hulle evaluering van waardeprioriteite en waarde-oriëntasies. Die twee vorige generasies het eerder instruksies rondom waardegestuurde gedrag gevvolg sonder om dit te bevraagteken of te beredeneer (Codrington, 2001b). Dit impliseer dat die vorige twee generasies hoofsaaklik waardes en waarde-oriëntasies nie juis bevraagteken het nie. Die huidige generasie van jong volwassenes het waarskynlik baie meer kontak met die 'wêreld buite hulle gesinne' gehad. Gevolglik was hulle meer blootgestel aan nuwe idees en inligting en dit het moontlik gelei tot beredenerings ten opsigte van waarde-prioriteite en waarde-oriëntasies.

- Waardes hou verband met gebruikte en as gebruikte oorgeneem word, bestaan die moontlikheid dat die betrokke waardes ook oorgeneem word. Daar word egter soms nie eers oor die wenslikheid van bepaalde gedrag met die kinders gekommunikeer nie. Die deelnemers het veral rondom die kulturele waardes en gebruikte hierdie ervaring gehad. Kulturele denke en gebruikte word soms oorgeneem deur onder ander nabootsing sonder om die betrokke waardes raak te sien. Hierdie prentjie is egter besig om te verander en die hedendaagse jong volwassene bevraagteken sekere gedrag, oortuigings en houdings. Daarom word sommige gebruikte en gevvolglik waardes nie sonder meer deur die deelnemers aan hierdie studie aanvaar nie.
- Benewens voorbeeld wat nageboots word, word waardes in die vorm van opdragte wat gee word, oorgedra. By verdere navrae het moeders aangedui dat wanneer hulle opdragte gee, hulle nie altyd bewus is dat hulle waardes oordra nie. Somtyds is hulle wel bewus dat hulle "... 'n belangrike beginsel of lewenswaarheid (waarde) oordra ..." en dus word die oordra van waardes nie noodwendig intensioneel gedoen nie. Waardes word dus intensioneel en ook nie intensioneel oorgedra.
- Soos wat die leefwêreld verbreed, word die gesinsekologiese waardes wat oorgedra word meer en die persone betrokke by die oordra en vorming van waardes ook meer. Die kind beweeg soms uit die ouerhuis na 'n skool en universiteit en beland soms in 'n koshuis. Sodoende kom sy in aanraking met ander idees en denkrigtings. Verder kan globalisasie, dit wil sê die kontak met die internasionale wêreld en bepaalde waarde-oriëntasies, ook hierin 'n rol speel (Lubbers, 1998,1999).

### 3.4 Vorming van waardes

Deur internalisering vind die waardevormingsproses in die individu plaas. Internalisering van waardes vind op 'n kognitiewe, affektiewe en konatiwe vlak plaas. Die kognitiewe hou verband met kennis van wat en hoekom, die konatiwe verwys na vaardighede, naamlik die hoe, terwyl die affektiewe te make het met die emosionele belewings. Hierdie drie vlakke kan ook beïnvloed word deur die ervaringswêreld (gesinsekologie) van die kind en die latere jong volwassene. Demografiese faktore in hierdie studie (kyk Hoofstuk 7) dui aan dat armoede en ongeletterdheid 'n wesentlike deel van sommige deelnemers se lewens is en was.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Die ervarings rondom armoede (ekonomiese waardes) en ongeletterdheid (beroeps- en intellektuele waardes) kan dan moontlik sterker as ander ervarings (waardes) op die kognitiewe, affektiewe en konatiewe vlakke geïnternaliseer word.

Die vorming van waardes kan nie losgemaak word van die ontstaan van die evalueringsvermoë van 'n persoon nie. Uit die onderhoude met deelnemers en die response op die vraelyste het die volgende aspekte na vore gekom:

- **Waardevorming vind deur verhoudings en evaluasies plaas**

Die volgende stellings word deur navorsers ten opsigte van die vorming van waardes op 'n **verhoudingsvlak** gemaak: Brits (1981:64) is van mening dat uit bepaalde verhoudings evaluerings voortspruit en daaruit word waardes gevorm. Die vorming van waardes is dus afhanglik van verhoudings en evaluasies. Volgens Alisjahbana (1966:27) is die verhoudingservaring van die mens en objekte, mense en gebeure 'n gevoels- of hartsbelewing en dui op die affektiewe komponent. Rokeach (1973) se siening dat waardes uit drie komponente, naamlik die kognitiewe, affektiewe en konatiewe, bestaan sluit aan by Hattingh (1991) en Alisjahbana (1966) se siening. Dit is dus nie net die verhouding en evaluering wat hier ter sprake is nie, maar ook die 'diepte' daarvan naamlik die van gevoel, die redenering (kognitiewe) en die vaardighede (konatiewe) in die vorming van waardes.

- **Behoeftes, belangstelling, betrokkenheid en waarneming bepaal waardes**

'n Ander standpunt fokus op behoeftes as oorsprong van waardes. Volgens Hattingh (1991:118) skep behoeftes waardes. Verder kan behoeftes aan bepaalde stadiums van 'n individu of gemeenskap gekoppel word. Stadiums verwys na die ontwikkelingsvlak (wat weer ontwikkelingstake impliseer) van 'n kind tot en met die volwasse stadium asook die opvoedingspeil. Sekere behoeftes word dus aan bepaalde ontwikkelingsvlakke gekoppel. So byvoorbeeld sal seksuele behoeftes in die puberteitsjare ontwikkel. Daarom is waardes individueel en universeel aangesien elke persoon wat normaal ontwikkel hierin uniek is, maar tog ook universeel is in sy ontwikkeling. Hieruit kan aangelei word dat soos wat behoeftes ontwikkel, sal waardes ook dienooreenkomsdig ontwikkel. Die navorsers sien belangstelling, waarneming en behoeftes as belangrike skeppers van waardes. Sekere gebeure of objekte skep nie noodwendig 'n behoefte nie, maar as gevolg van die mens se nuuskierige aard word belangstellings geprikkel. Uit die belangstelling kan evaluerings plaasvind, wat tot goedkeuring of afkeuring lei en uiteindelik oorgaan tot die vorming van waardes. Alhoewel alle waarnemings nie noodwendig aan behoeftes of belangstellings gekoppel kan word nie, kan dit tot die vorming van waardes lei.

'n Verdere standpunt wys op die gegewenheid van waardes en spesifiek die betrokkenheid van ander persone se kulturele invloede en ander gesinsekologiese terreine. Waardes kan dus gevorm word waar ander persone teenwoordig is en as gevolg van die invloed van byvoorbeeld die natuur as omgewing asook sekere objekte en situasies.

- **Sosiaal en persoonlik aangeleerde waardes**


Smith (1978) onderskei tussen sosiaal aangeleerde waardes en persoonlik aangeleerde waardes. Laasgenoemde kan verdeel word as die superego waardes en self

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

aangeleerde waardes. Superego waardes is die geinternaliseerde van waardes voordat die ware self gestabiliseer het. Terwyl hierdie waardes meer irrasioneel kan wees, is die selfaangeleerde waardes meer rasioneel omdat dit meer op 'n kognitiewe vlak oorweeg word. Hierdie siening sluit aan by die verskillende leervorme wat vroeër in die hoofstuk genoem is. Smith (1978) onderskei dus tussen inter- en intrakommunikasie as deel van waardevorming.

### 3.5 Waardevormingsproses as internalisering van waardes

Die waardevormingsproses is in der waarheid die internalisering van waardes en kan as 'n samevoeging van sekere elemente van teorieë gesien word. Die internalisering van waardes vloei van die bewustheids- na die onderskeidings- tot die waardetoekenningstaduim. Daar is ook verskeie faktore wat die proses tydens die verskillende stadiums beïnvloed. Eerstens word die waardevormingsproses skematis in Figuur 10.7 uiteengesit en daarna word die bespreking van die proses hanteer.



**FIGUUR 10.7: DIE WAARDEVORMINGSPROSSES AS INTERNALISERINGSPROSES\***

\*Verskeie faktore kan hierdie proses beïnvloed

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Die vorming van waardes vind nie in 'n vakuum plaas nie en word deur faktore soos interne en eksterne invloede, kragte en fases beïnvloed (kyk 2.2.1, 2.2.2 & 2.2.3 van hierdie hoofstuk). Hierdie faktore vorm die konteks waarbinne die vorming van waardes plaasvind. Omdat sommige van hierdie faktore reeds bespreek is, word daar slegs na hulle verwys.

### 3.4.1 Stadiums

Soos Figuur 10.7 aandui, word die bewustheid-, onderskeiding-, en waardetoekenningstadiums onderskei.

#### Bewustheidstadium

'n Persoon se ontwikkelingsvlak, vermoë, ingesteldheid, behoeftes, en belangstellings het 'n invloed op haar bewustheid van objekte, mense, situasies en handelinge in haar omgewing. Op hierdie stadium is die persoon slegs bewus van haar gesinsekologie en die handelinge wat daarin plaasvind. Sterk aanspraak word op die sintuie gemaak.

#### Onderskeidingstadium

Op hierdie stadium vind evaluasie plaas. Soos reeds bespreek (kyk Hoofstuk 2) is dit juis die mens, anders as die dier, wat die vermoë het om te evaluateer tussen reg en verkeerd. Uit die waarnemings van 'n persoon word daar indrukke gevorm. Hierdie indrukke word veral op die affektiewe maar ook op die kognitiewe en konatiewe vlakke beleef. Omdat die affektiewe verhouding sterker as die ander vlakke na vore kan tree, is subjektiwiteit eie aan hierdie onderskeidingstadium. 'n Persoon se onderskeidingsvermoë tussen wat reg en verkeerd in terme van aanvaarbaarheid is, word veral subjektief beleef.

#### Waardetoekenningstadium

Nadat daar kennis van die gesinsekologie geneem is en 'n onderskeidingsvermoë verwerf is, word die evaluasieproses deur redenering voortgesit sodat 'n bepaalde waarde en waardeoriëntasie daaraan toegeken kan word. Die waarde is nou 'n gegewenheid wat deur die persoon self of deur ander persone herken kan word. Die rol wat persone hier speel is nie simplisties nie en verdien verdere aandag.

Omdat persoonlikhede en vermoëns van individu tot individu verskil, vind die erkenning of herkenning van waardes verskillend plaas. Om dit te verduidelik sal na twee onderskeie individue, A en B, verwys word. A besit die vermoë om 'n waarde te erken omdat sy dit self konstrueer. Hierdie individu kan byvoorbeeld die kreatiewe leier wees wat die lewe en gebeure bevraagteken. 'n Sterk bewustheid van evaluasie, onderskeiding en klassifikasie is ook by hierdie persoon teenwoordig. B is die navolger tipe. Alhoewel hierdie persoon ook oor 'n evalueringsvermoë beskik, tree dit nie so bewustelik en sterk na vore nie. Hierdie persoon is meer geneig om kennis van waardes te neem omdat dit deur ander persone aan hom oorgedra of uitgewys word.

Daar moet egter op gelet word dat situasies kan bepaal of 'n persoon die rol van A en/of van B sal vertolk. Dit is dus teoreties moontlik dat een individu beide die rol van A sowel as B kan speel. 'n Moontlike situasie kan die volgende wees: Wanneer spesifieke waardes en waarde-oriëntasies wat eie aan 'n individu is (byvoorbeeld 'n aangebore talent vir die waardering van die estetiese), verder ontwikkel word, sal die posisie van A ingeneem word. By universele erkende belangrike waardes en waarde-oriëntasies is die posisie van B die

## INTERPRETASIE, OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING

meer algemene wanneer waardes en waarde-oriëntasies erken word. Wanneer en hoe genoemde prosesse plaasvind is nie duidelik en objektief meetbaar nie, maar die resultaat daarvan kan wel afgelei word.

### 3.5.2 Internaliseringfaktore

Die verwerwing van waardes sluit twee aspekte in naamlik, die eksterne en die interne. Eksterne faktore is veral betrokke by die oordra van 'n waarde van een persoon of persone na 'n ander, terwyl interne faktore hoofsaaklik in die vorming van waardes teenwoordig is. Interne faktore is dus betrokke by die internalisering van waardes. Laasgenoemde verwys dus na die vermoë van 'n persoon om waardes deel van sy waardesisteem te maak (Smith, 1978).

Die volgende faktore naamlik die ontwikkelingsvlak, opvoedingspeil en ingesteldheid word deur die navorsers gesien as interne faktore. Hierdie bespreking van faktore sluit aan by die bespreking in Hoofstuk 2 (kyk 4, van Hoofstuk 2). Omdat interne faktore deel van die internalisering van waardes is, word die faktore verder bespreek. Waar van toepassing, word daar net kortlik na eksterne faktore verwys.

#### Ontwikkelingsvlak

Ontwikkelingsvlak verwys na 'n stadium in 'n persoon se lewe wanneer die kognitiewe, emosionele, sosiale en morele ontwikkeling tot 'n bepaalde vlak ontwikkel het. Erikson het hierdie ontwikkeling in agt sosiaal-psigologiese stadiums weergegee. In hierdie verband verwys Piaget na die stadiums van kognitiewe ontwikkeling terwyl Kohlberg vlakke van morele ontwikkeling identifiseer (Weiten, 1992: 387-396). Bogenoemde vlakke of stadiums het dus veral te make met die persoon se vermoë op 'n bepaalde ouderdom. Die invloed van die omgewing (gesinsekologie) speel ook hier 'n rol omdat die persoon deur haar omstandighede aangespreek word. Dit laat haar nuwe vermoëns en persepsies ontwikkel. Uit laasgenoemde word waardes gevorm. Daar kan dus aanvaar word dat die vorming van sekere waardes aan 'n sekere ouderdomsgroep gekoppel kan word. Genoemde psigoloë verwys dan veral na wat op sekere ontwikkelingstadiums beleef word. Ander navorsers verwys weer na 'n bestaanvlak in die sin van hoe en hoekom die persoon dink eerder as wat of waaroor sy dink en verder word hierdie vlakke ook aan sekere waardes en waarde-oriëntasies gekoppel (Graves, 1970; Hattingh, 1991: 262-282).

Die liggaamlike ontwikkeling van 'n persoon kan bepaal watter waardes op watter stadium gevorm word. Indien 'n persoon byvoorbeeld nie verstandelik en emosioneel 'normaal' ontwikkel nie, sal hy ook in sy waardevorming gestrem word. So sal 'n outistiese persoon of 'n persoon met 'n onder 'normale' intelligensie nie dieselfde waardevorming as 'n 'normale' persoon besit nie.

#### Opvoedingspeil

Opvoedingspeil verwys nie net na die vermoë van 'n persoon nie, maar ook na sy blootstelling aan sekere stimuli deur sy gesinsekologie. Dit word by die interne faktore ingesluit aangesien dit tog wel 'n persoon se vermoë kan beïnvloed. Individue wat nie aan al die moderne ontwikkeling blootgestel is nie kan as milieugestrem beskou word en hul waardes sal ook dienooreenkomsdig beïnvloed word. So sal 'n persoon uit 'n tegnologies

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

onontwikkelde wêreld heel waarskynlik nie blootgestel word aan moderne tegnologie nie en gevvolglik nog nie 'n bepaalde waarde daaraan heg nie. Daar kan dus aanvaar word dat die bepaalde gesinsekologie en die opvoedingspeil van 'n persoon die vorming van sy waardes sal beïnvloed. Onkunde kan dus 'n rol in die vorming van waardes en waarde-oriëntasies speel. Pitso-Motlabane (1993) se studie van verwesterde professionele swart persone in Soweto bevestig die invloed van ontwikkeling en geleerdheid op die waardes en waardesisteem van 'n persoon.

### Ingesteldheid en kriteria

Onder ingesteldheid word innerlike faktore soos persoonlikheid, behoeftes, belangstellings en geslag ingesluit. Hierdie faktore dui almal op dit wat vir die persoon belangrik is ten opsigte van sy eie aard en samestelling as individu. Trotzer (1981) is een van die navorsers wat waardeverskille by die verskillende geslagte aantoon. Volgens psigoloë en navorsers is persoonlikheid, behoeftes en belangstellings ook belangrik wanneer 'n persoon keuses moet uitoefen (Maddi, 1968:1-7; Maslow, 1970; Murray, 1981). Dit is juis die feit dat waardes aan keuses gekoppel word, dat bepaalde voorkeure in die persoonlikheid aan die vorming van waardes gekoppel kan word. Net so kan 'n persoon se geslag, behoeftes en belangstellings aanleiding gee tot waardes en waarde-oriëntasies.

Kriteria kan as 'n bron van waardevorming dien. 'n Persoon se geloofsoortuiging speel hier 'n rol as 'n criterium vir die vorming van 'n waarde of waarde-oriëntasie. Sekere waardes of waarde-oriëntasies word byvoorbeeld deur die religieuse soos sy Godsbegrip bepaal. Heyns (1977:66-96) meen dat die mens se geloof sy denkwyse oor homself en sy medemens bepaal. Geloof skryf dus bepaalde waardes en waarde-oriëntasies voor en wat nie aanvaarbaar binne 'n bepaalde geloofsoortuiging is nie, kan dan bloot geblokkeer word. Die ontkenning van 'n waarde en waarde-oriëntasie vind dus plaas.

Kriteria as bron van die vorming van waardes en waarde-oriëntasies kan as 'n interne sowel as 'n eksterne faktor gesien word. Wanneer dit as eersgenoemde gesien word, dien dit as blokkerings- of siftingsmeganisme by die erkenning van 'n waarde of waarde-oriëntasie. As eksterne faktore is dit die persoon se geloofsoortuigings wat bepaal tot watter mate 'n waarde en waarde-oriëntasies aanvaar word of nie.

Bogenoemde faktore kan gelyktydig of afsonderlik funksioneer en sommige faktore is ook afhanglik van ander om te funksioneer. Liggaamlike ontwikkeling kan behoeftes en belangstellings bepaal, terwyl opvoeding die persoonlikheid kan laat ontwikkel en/of in 'n bepaalde rigting stuur. Nie een van die faktore kan dus op sy eie funksioneer nie. Die waardevormingsproses soos bespreek, kan skematies in Figuur 10.6 voorgestel word.

Binne die gesinsekologiese perspektief kan die individu die invloede en bronne van die ekologie op 'n kreatiewe wyse bestuur (Bubolz & Sontag, 1993:424).

Die skematiese uiteensetting (Figuur 10.7) is 'n voorstelling van die vloeи waarlans die internalisering van waardes kan plaasvind. Binne die gesinsekologiese perspektief word die wisselwerking tussen byvoorbeeld objekte, mense, situasies en handelinge met behoeftes, belangstellings en waardes aangedui. Hierdie wisselwerking kan lei tot kennisname in die bewuswordingstadium. Op 'n kognitiewe, affektiewe en konatiewe vlak word persepsies beleef en die individu kan oor genoemde persepsies redeneer en pas dus haar

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

onderskeidingsvermoë toe. Waardes en waarde-oriëntasies kan dus uit die genoemde redenering voortspruit. In die waardetoekenningstadium kan die individu self tot die ontdekking van 'n waarde kom en/of sy kan die waarde 'leer ken' deur die bemiddeling van 'n persoon wat die waarde 'oordra.' Hierdie hele proses van die internalisering van waardes vind binne die gesinsekologie plaas en word beïnvloed deur faktore soos onder andere interne en eksterne invloede, kragte en beperkings sowel as die bepaalde ouderdomsfase van die betrokke persoon.

## 4 METODOLOGIESE BYDRAE

Vir hierdie studie is 'n skaal van twintig gesinsekologiese waardeterreine ontwikkel. Die volgende aspekte moet egter in gedagte gehou word. Omdat die skaal spesifiek vir 'n bepaalde groep binne 'n bepaalde tydsgleuf ontwikkel is, lê die bydrae eerder op die metode as die skaal as sulks. Die daarstel van metodologie, met ander woorde die 'hoe' om die skaal te ontwikkel is dus van waarde en die redes hiervoor lê op die volgende terreine:

- 'n Skaal wat in verband met bepaalde situasies gebring word, kan nie vir alle etniese groepe gebruik word nie en is ook nie tydloos nie. Daarom moet dit gebruik word om insig te verkry (Stewart, 1998:47) en is die standardisasie van so 'n skaal van minder belang.
- Die faktor analise is bemoeilik deur die feit dat in elke item verskillende kontekste ter sprake was. So het elke item dus 'n bepaalde aspek (konteks een) van 'n gesinsekologiese waardeterrein sowel as die genoemde aspek binne 'n spesifieke situasie (konteks twee) van verskillende etniese groepe (konteks drie) gemeet. Dit was dus nie 'n 'enkelvoudige' waardemeting nie, maar eerder 'n 'drieledige' of 'saamgestelde' waardemeting naamlik drie kontekste.
- 'n Vierde konteks kan ook bygevoeg word naamlik die hedendaagse situasie met bepaalde kenmerkende eienskappe wat deur aspekte soos die huidige tydsgees, idees, verwagtings en so meer beïnvloed kan word. Hieruit kan aangelei word dat die gesinsekologie so vinnig verander dat dit moeilik is om 'n gestandaardiseerde skaal daar te stel.

Wat die vraelyste betref, moes daar logiese aanpassings by die situasie gemaak word. aangesien 'n groot groep deelnemers gestructureerde onderhoudvoering bemoeilik. Daarom is hierdie gestructureerde onderhoude omskep in 'vraelyste' op aanbeveling van die lektrises by die betrokke kollege. Die vraag kan gevra word of daar noodwendig so 'n groot verskil tussen gestructureerde onderhoude en oop vrae in genoemde vraelyste is. Dit blyk sinvol te wees om hierdie soort vraelys as soortgelyk aan 'n skriftelike gestructureerde onderhoud te hanteer aangesien die navorsing teenwoordig is, die vrae verbaal voorgelees en verduidelik kan word, deelnemers sonder die beïnvloeding van ander deelnemers antwoorde op vrae gee en die moontlike foute wat die navorsing kan maak met die neerskryf van die deelnemers se response, uitgeskakel word.

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van kruisvalidasie om soveel moontlik geldige antwoorde te verkry om die 'waarheid' vas te stel en te toets. Navorsingsdata wat nie met ander bevindings van die kruisvalidasieproses strook nie, moet verder vir betroubaarheid en geldigheid getoets word. Die navorsing is van mening dat kruisvalidasie baie belangrik in

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

navorsing is aangesien dit die betrouwbaarheid en geldigheid van die data verhoog. Waar min navorsing oor 'n onderwerp bestaan is kruisvalidasie selfs van groter belang.

Sosiale navorsing is nie 'n eksakte wetenskap nie, maar berus op die verkryging van insig deur sogenaamde objektiewe metodologie (Mouton, 1996:18). Daarom meen die navorser eerstens dat bevindings in die sosiale navorsing nie as tydlose feite gereken moet word nie, maar eerder na verwys word as kontekstuele gedragspatrone. Daarom moet hierdie gedragspatrone altyd binne 'n bepaalde konteks soos die bepaalde beroepsgroep, teikengroep, hedendaagse tydsgees of kulturele agtergrond gesien word. Die bevindings van hierdie studie word dus as gedragspatrone ten opsigte van waardeprioriteite en die oordra van waardes binne die hedendaagse tydsgees en teikengroep gesien. Bevindings van hierdie studie is dus ook nie noodwendig die van die jong volwassene van die verlede en toekoms nie, maar van die huidige tydsgewrig. Tweedens moet navorser bewus wees hoe en wanneer kwalitatiewe interpretasies na statistiese gedragspatrone verwerk kan word en ook dat kwantitatiewe statistiese gedragspatrone as interpretasies verklaar word. Opinies, houdings en ander soortgelyke konsepte is subjektief en interpretatief van aard. Die navorser en die deelnemers gee dus slegs interpretasies wanneer evaluerings gemaak word.

## 5 TEORETIESE BYDRAE

Die teoretiese bydrae van hierdie studie lê moontlik op die volgende terreine:

- Aspekte van 'n bestaande tipologie van waardes is in die praktyk uitgetoets. Dit het meegebring dat bevestiging vir dié klassifikasie van waardes na vore gekom het. Verder kan daar aanbevelings ten opsigte van nog moontlike gesinsekologiese waardeterreine soos die van tegnologie en arbeidsaamheid (werk) bygevoeg word. Verder kan drie konsepte op die tyd-ruimtelike waardeterrein onderskei word naamlik tyd, ruimte en die tyd-ruimtelike.
- Oorvleueling ten opsigte van verskeie klassifikasies is uitgewys en daarom is aangetoon dat klassifikasies binne 'n bepaalde teoretiese raamwerk gedoen moet word. Gevolglik is die gesinsekologiese perspektief met sukses vir hierdie bepaalde tipologie van waardes gebruik.
- Betekenisse van verwante konsepte rondom waardes is uitgeklaar en daar is ook aangetoon wat hulle verband met waardes en waarde-oréntasies is. Genoemde konsepte word as moontlike aanduiders van waardes en waarde-oriëntasies gesien.
- Die rol van kultuur en hoe dit in die huidige Suid-Afrika in die verskillende stadiums vanakkulturasie, assimilasie, bi-kulturalisme, manifesteer, is ook uitgewys. Hierdie aspekte is veral ten opsigte van waardeterreine soos beroeps- en kulturele waardes uitgewys.
- Daar is bevind dat tussen die verskillende etniese groepe baie in gemeen is veral ten opsigte van waardeprioriteite en tot 'n groot mate ook ten opsigte van die sogenaamde Westerse denkwyse en die algemeen aanvaarde hantering van situasies (waarde-oriëntasies). Hierdie bevindings is egter nie staties nie en word beskou as 'n 'fotoraampie' uit 'n film van die lewensverloop. Verdere studies sal moontlik ander gedragspatrone aandui aangesien die konteks van die huidige deur veral eksterne faktore kan verander. Babbie en Mouton (2002:277) verwys hierna en noem dat navorsingsbevindings nie altyd na 'n ander situasie oorgedra kan word nie.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

- Die veranderende rol van die gesin en die vorm van nuwe gesinsamestellings as gevolg van praktiese implikasies is uitgewys. Die invloed van verwestering sowel as die praktiese realiteit van die ekonomiese en sosiaal-maatskaplike toestande is uitgewys. Die huidige sterftes van ouers asgevolg van die vigssituasie kan die gesinsamestelling en -rolle verder beïnvloed.
- Ten opsigte van die jong volwassene is aangedui dat sy 'n produk van onder andere die huidige tegnologiese-, inligtings-, post-apartheid-, gesondsheidsbewuste-, post-modernistiese en sosio-ekonomiese tydperk is. Daarom moet die jong volwassene nie bloot net in terme van 'n stadium in volwassewording gesien word nie, maar as 'n unieke 'prodruk' in tyd.
- Wat gesinstake betref, het die onderhoude met die Afrikaanssprekende Blankes en die Tswanas verskeie 'nuwe' ontwikkelings- en gesinstake geïdentifiseer. Hieruit is waargeneem dat, ook die veranderende gesinsekologie, aanleiding tot gesins- en ontwikkelingstake kan gee. 'n Voorbeeld hiervan is die tegnologiese ontwikkeling wat deesdae 'n impak op onder ander die individu se konatiwe vermoëns het.
- Verskeie modelle is gekonstrueer om as riglyn te dien vir verklarings van gedrag en waardeprioriteite.

## 6 IMPLIKASIES VAN HIERDIE STUDIE

Die implikasies wat hierdie studie het word binne die raamwerk van die gesinsekologiese perspektief hanteer. Daarom is aspekte soos die herkenning en interafhanglikheid van gesinsekologiese terreine asook die bestuur daarvan uitgelig. Genoemde aspekte en implikasies is van toepassing op drie vlakke, naamlik die mikrovlak wat die individu en sy gesin insluit, die mesovvlak wat die gesin en individu se onmiddellike ekologie insluit en laastens die makrovlak wat terreine van die samelewing insluit (kyk Figuur 4.1).

### 6.1 Die mikrovlak

Hierdie studie het aangetoon dat die individu se besluite en optredes ten opsigte van waardes, waarde-oriëntasies en die oordra daarvan uitkering in die gesin, etniese groep, gemeenskap en samelewing. Wanneer daar dus met groepe soos byvoorbeeld gesinne, personeel by 'n werksinstansie en ander natuurlike groepe gekommunikeer word, moet die invloed van en op die individu in berekening gebring word. Hierdie invloede bepaal en verander groepe se waardes en waarde-oriëntasies en gevolglik word die betrokkenes se verwysingsraamwerke beïnvloed.

Na aanleiding van bostaande bespreking kan die volgende voorbeeld genoem word:

- Indien die jong volwassene ander waardeprioriteite as haar gesinslede het, kan dit tot botsende belang en gevolglik konflik lei. Die verskillende generasies en lede binne 'n gesin kan verwarring ten opsigte van verskille in waardeprioriteite en waarde-oriëntasies ervaar. Proaktiewe optrede wat konflik sal vermy of minimaliseer is dus nodig. Daarom moet die wyse waarop waardeprioriteite uitgeleef word (in waarde-oriëntasies oorgaan), duidelik met betrokkenes gekommunikeer word. Dit word gedoen deur onder ander harmonie tussen verbale en nie-verbale gedrag te verkry en te motiveer. Enige veranderinge, byvoorbeeld as gevolg van gebeure, in waardeprioriteite moet bespreek en gemotiveer word sodat omstanders begrip en insig

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

kan verkry. Hierdie aspekte is eerstens belangrik om aanvaarding, integriteit en respek tussen betrokkenes te verkry en te behou. Tweedens is dit belangrik vir die individu om self insig in haar keuses en gedrag te verkry.

- Die draers van waardes en waarde-oriëntasies, binne die gesin, moet rationele besluite ten opsigte van die waardeprioriteite en waarde-oriëntasies maak. Hierdie besluite impliseer dat daar ooreenstemming moet wees oor watter waardes as prioriteite voorgehou moet word en watter maatreëls ingestel gaan word om dit doelgerig oor te dra en te kontroleer. Waar nodig kan selfs verantwoordelike en bekwame persone gekies word om sekere van hierdie opdragte uit te voer.
- Die jeug (soms ook volwassenes) moet gefasiliteer word sodat hulle 'n eie waardesysteem met waardeprioriteite kan ontwikkel. Die internalisering van waardes is dus belangrik. Daar moet onder andere na aspekte soos wat waardes bepaal, gekyk is word. Verder moet daar ook aandag aan ontwikkelingstake gegee word aangesien genoemde take aanleiding tot die ontwikkeling van waardes gee. Laastens moet aandag aan dissipline, inoefening en ander opvoedkundige aspekte wat bydra tot die vaslegging van waardes, gegee word.
- Die gesin moet besin oor sy gesinsamestellings, gesinsrolle en gesinstake (gesinsfunksies) en oor die implikasies hiervan in waardeprioriteite en die oordra van waardes. Elke gesinslid en persoon betrokke by die gesin se rolle behoort aan waardebeoordeling onderworpe te wees. So kan die afwesigheid van 'n ekonomiese bydrae van 'n ouma negatief geëvalueer word, terwyl die rol wat sy speel in terme van die oordra van waardes, stabiliteit en status onontbeerlik wees. Indien 'n ouer byvoorbeeld nie beskikbaar is of 'n onvermoë het om 'n bepaalde rol te vertolk moet daar nie leemtes in die oordra van waardes gelaat word nie, maar genoemde rol moet aan iemand anders opgedra word.
- Die draers van waardes moet visioenêr ingestel wees. Dit wil sê die ouers moet kan visualiseer watter eise/uitdagings in die toekoms aan hulle kinders gestel kan word. Hierdie visioenêre denke is dus nodig om goed beredeneerde waardeprioriteite en ook die implikasies vir waarde-oriëntasies, gebruik, beginsels, norme, doelwitte en houdings oor te dra, te fasiliteer en te bespreek. Visioenêre denke vereis dus dat die volle implikasies van waardes in die daaglikse lewe tot 'n groot mate geantiseer moet word. Verder moet die kragte wat waardeprioriteite en waarde-oriëntasies beïnvloed, bestuur word. Die kwessie rondom identiteit as 'n aspek van die selfbeeld en selfwaarde is 'n voorbeeld van die visioenering van geantiseerde probleme. Binne die multi-kulturele samelewing in Suid-Afrika, emigrering na ander lande en die verbintenis met die *global village* (wêreddorp), kan dit lei tot verwarring ten opsigte van identiteit, selfbeeld en selfwaardes.
- Die internalisering van waardes vereis die awenteling van waardes van 'n oppervlakkige kennis tot 'n diepgewortelde verbintenis en houding. Sodoende kan meer konsekwente en voorspelbare optredes plaasvind. Die internaliseringsproses kan moontlik gladder verloop as die sterkpunte en leemtes van die individu se deelsisteme begryp word.

Uit bestaande bespreking asook die problematiek en krisis van die jeug en jong volwassenes (Codrington, 1999) wat hedendaags rondom waardes ervaar word, dui daarop dat ouers moontlik onbekwaam is of net gewoonweg nalaat om waardes toe te pas en oor te dra. Daarom is dit noodsaaklik dat daar dringend na voorligting in hierdie verband gekyk moet word. Newman en Muzzonigro (1993) meen dat met 'n stel waardeprioriteite afwykende

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

gedrag selfs voorkom of beperk kan word. Kundiges behoort kursusse rondom die gesinslewe wat onder andere kinderopvoeding en die oordra van waardes insluit te ontwerp en aan te bied. Daarom bepleit Auret (1971) en Codringtin (1999) ook maatreëls vir die bevordering van die algemene gesinslewe om stabiliteit te bevorder.

### 6.2 Die mesovlak

Op hierdie vlak is die gemeenskap met bepaalde gesinsekologiese terreine soos die opvoedkundige, kulturele, religieuse en beroepsterreine van belang. Die jong volwassene en die gesin moet kennis dra van die interafhanklikheid van die gesin en genoemde terreine. So moet die betrokkenes wat op hierdie terreine beheer uitoefen ook bewus wees van hierdie interafhanklikheid. Die volgende aspekte is van belang:

- Indien 'n jong volwassene haar in 'n beroepsomgewing bevind waar produksie, hardwerkendheid en verlengde werksure baie belangrike waardes, waarde-oriëntasies, doelwitte en norme is, moet die jong volwassene en haar gesinslede dieselfde waardes, waarde-oriëntasies, doelwitte en norme hê. Indien dit nie die geval is nie, kan daar konflik in die gesin en/of binne die individu ontstaan. Genoemde konflik kan tot stres en vvreemding tussen gesinslede onderling lei en ook tussen die gesin/individu en die werksopset. Werkgewers moet dus bewus wees van die waardeprioriteite van hulle werknemers voordat besluite en veranderings geïmplementeer word.
- Skole, kerke en ander instellings in die gemeenskap moet die gemeenskaplike in waardeprioriteite bepaal en doelgerig saamwerk om hierdie waardeprioriteite uit te leef. Dit vereis ook dat daar kennis van bepaalde omstandighede in die gemeenskap gedra moet word en planne in werking gestel word om sterk punte te verbeter en probleme op te los.
- Die eise en verwagtings wat die gemeenskap aan die gesin stel moet daarop ingestel wees om voordele vir die gesin in te hou. Die optimale funksionering van die gesin se waardes moet ten alle tye in aanmerking geneem word. Daarom behoort ouers en kinders saam aan gemeenskapsprojekte (wat bepaalde waardes konkretiseer) te werk. Sodoende word daar heel waarskynlik aan gesinsverhoudings gebou en die interafhanklikheid van die gesin met sy lede en die gemeenskap beklemtoon. Die betrokkenheid en medeverantwoordelikheid vir die bestuur van die gesinsekologie word ook beklemtoon.
- Begrip vir die multi-kulturele opset in Suid-Afrika moet op verskillende gesinsekologiese terreine verkry word. Claassen (1989), Goodley (1989) en Trümpelman (1993) wys daarop dat die skool betrokke moet wees om die verskillende kulture en die gepaardgaande waardes, gebruikte en oortuigings aan te spreek (Von Wissel, 1991:94) sodat die verskillende gesinsekologiese terreine korrek hanteer word.

### 6.3 Makrovlak

In hierdie studie is dit duidelik dat die waardes wat hoofsaaklik aan die makrovlak gekoppel word laag geëvalueer word (kyk Hoofstuk 8). Hierdie waardeterreine is onder ander die natuur (omgewing), nasionale en politiese waardeterreine. 'n Verdere waardeterrein wat in

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS


die toekoms van groter belang gaan word en nog nie ondersoek is nie, is die internasionale terrein soos die *global village* (Lubbers, 1999; Neuman, 2001). As gevolg van die interafhanglikheid en die bestuur van die verskillende waardeterreine is die volgende aspekte van belang:

- Die deelnemers het aangedui dat nasionale en internasjonale rolmodelle hulle waardes beïnvloed. Hiermee saam beïnvloed kommunikasiemiddels soos die televisie ook waardes en waarde-oriëntasies. Hierdie aspek moet aan die betrokkenes oorgedra word sodat verantwoordelike besluite in die keuse van inligting en vermaak gehuldig kan word.
- Die owerhede tesame met die instellings op die meso- en mikrovlak sal evaluerings van die huidige waardeprioriteite moet maak. Daarna sal nasionale en moontlik internasjonale beslute oor waardeprioriteite geneem moet word. Om hierdie waardeprioriteite tot op die vlak van die huisgesin en individu af te wentel, sal minstens 'n nasionale strategie/ beleid/ wetgewing vereis.

Dit is belangrik dat daar sover as moontlik kongruensie tussen die waardeprioriteite van die individu en gesin en die instellings op die meso en makrovlakte is (Walsh, 1993:7). Genoemde kongruensie kan tot versterking van waardes lei terwyl die teendeel tot verwarring, konflik en chaos kan lei.

Binne hierdie Departement van Verbruikerwetenskap, van die Universiteit van Pretoria, kan die rol van waardes in die bestudering van die verbruiker, handelaar en die produsent se gedrag van belang wees. Beide die verbruiker, handelaar en produsent se rolle, wat hulle ten opsigte van waardeprioriteite speel, kan binne die gesinsekologiese vlakke, naamlik die mikro-, meso- en makrovlakte, gesien word (Burgess & Blackwell, 1994). Na aanleiding van Mc Craken (1986:72) se model het die navorsers 'n uitgebreide model saamgestel. Hierdie model toon die rol van die verbruiker, handelaar en produsent in waardes aan. Enkele voorbeeld van die rol van verbruikerswetenskap is in Figuur 10.8 op die volgende bladsy weergegee.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS



FIGUUR 10.8: DIE ROL VAN WAARDES IN DIE VERBRUIKERSWETENSKAP

## 7 AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE

Die aanbevelings vir verdere studie beklemtoon ook die leemtes in hierdie studie. Die volgende kan genoem word:

Ten opsigte van die verskillende waardeterreine wat ondersoek is kan daar genoem word dat 'n volgende studie moontlik minder terreine moet ondersoek. Sodoende kan daar meer in diepte na 'n bepaalde waardeterrein gekyk word en kan die oorsake en gevolge van waardeprioriteite meer eksplisiet vasgestel word.

Die rol wat akkulturasie in die verandering van waardeprioriteite speel, behoort ook nagevors te word. Daar kan dus vergelykings tussen die verskillende generasies (ouers en kinders) se waardeprioriteite gemaak word. Redes vir moontlike verskille kan ook bepaal word.

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

Dit is ook nodig om die verskille in waardeprioriteite ten opsigte van die volgende aspekte te ondersoek: ouderdom, geslag, beroep, invloede van gesin van oorsprong soos gesinsamstellings, woonarea, opvoedingstyl en sosio-ekonomiese status. Hierdie studie het slegs sommige van hierdie aspekte as demografiese faktore weergegee en nie die werklike invloed op waardeprioriteite nagevors nie.

Die oordra van waardes kan verder ondersoek word. Hier kan vergelykings tussen die waardes wat ouers graag wil oordra en waardes wat wel oorgedra word gemaak word. Redes vir die suksesvolle oordra van waardes kan ook hierby ingesluit word. Die bewustelike en onbewustelike oordra van waardes kan nagevors word.

Omdat die gesinsekologie van tyd tot tyd kan verander en gevolglik gesins- en ontwikkelingstake kan beïnvloed, is dit ook van belang om gesins- en ontwikkelingstake hierby aan te pas. Daarom behoort genoemde take ook gereeld nagevors te word.

'n Toekomsvoorspelling vir die gesinstruktuur en -funksies kan moontlik op grond van navorsing gedoen word. Aandag kan dan ook aan die roilverdeling binne die gesin gegee word. Verder kan die invloed van die 'afwesige vader/moeder/ouers' op die waardeprioriteite ook nagevors word.

Dit is nie net van belang om kennis deur kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing te verkry nie en/of om begrip en verklarings deur die interpretatiewe metodologiese paradigma vir navorsingsvraagstukke te gee nie, maar om waar nodig die situasie te probeer verbeter. Dit kan gedoen word deur die deelnemers metodologiese paradigma wat aksienavorsing en die samewerking van deelnemers insluit (Mouton, 1996:37). Ten opsigte van hierdie studie kan toekomstige navorsers dus betrokke raak by waardeontwikkelingsprogramme van gesinne.

Die invloed van 'n 'groter ekologie' naamlik globalisasie (Lubbers, 1999) op die huisgesin se waardeprioriteite kan ook meer in diepte nagevors word. Dit bied die moontlikheid van 'n internasionale beleidsverklaring sodat daar doelgerig gewerk kan word aan die verbetering en ontwikkeling van die gesinsekologie.

Die wedersydse invloed van die individu/gesin op die ekologiese terreine moet ook verder vasgestel word. Daarom is die identifisering van individuele- en gesinseienskappe sowel as verskeie aktiwiteite en prosesse wat verband hou met gesinsfunksies wat deur die gesinsekologie beïnvloed kan word, belangrik. Verder kan die toets van die impak van die omgewing op die individuele lede sowel as die gesin se ontwikkeling en kwaliteit van lewe ondersoek word.

## 8 SLOTOPMERKING

Waardes raak alle aspekte van die gesinsekologiese terreine. Dit is veral die jong volwassenes se waardes op die sosiologiese dimensie wat die waardegestuurde gedrag van die multi-kulturele samelewing in Suid-Afrika in die volgende jare gaan bepaal. Begrip vir die multi-kulturele opset in Suid-Afrika moet op verskillende gesinsekologiese terreine verkry word. Waardes en die oordra daarvan impliseer dat die historiese sowel as die huidige omstandighede van etniese groepe se kulture in ag geneem moet word. Vir beter

## INTERPRETASIES, OPSOMMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

samewerking en begrip van bepaalde gedrag, is dit nodig dat daar kennis van bepaalde kultuurgroepes en hulle waardes moet wees. Deur hierdie kennis en begrip kan kulturele verskille met die nodige sensitiwiteit hanteer word en gemeenskaplike waardes kan sterk bondgenote vir gemeenskaplike doelwitte word. Die *Human Development Report* van 1999 noem dat 'n gemeenskap of samelewing op gedeelde waardes funksioneer. Daarom moet gedeelde waardeprioriteite die vertrekpunt van samewerking tussen die verskillende etniese groepes asook generasies wees. Binne die samelewing en gemeenskap is die gesin 'n essensiële instelling en daarom moet navorsing gedoen word om 'n gesonde gesinslewe te bevorder (Nkuna, 1996:2) sodat waardes optimaal oorgedra kan word. Verder beïnvloed die gesinswaardes ook die waardes van die gemeenskap (Eshleman, 1994:xvii, 2) en die betrokke etniese groep. Dit is egter ook nie net die gesin se waardegestuurde gedrag wat van belang is nie, maar ook die van die individu. Die sosiaal-psigologiese dimensie fokus die aandag op die individu en sy verhoudingswêreld binne gesin en die kultuur van die verskillende etniese groepes. Volgens Jordaan en Jordaan (1984:46) is twee wêrelde hier ter sprake naamlik die buitewêreld (gesinsekologiese terreine) en die binnewêreld van die individu (terrein van die self). Hierdie binnewêreld is die subjektiewe belewenisse van die buitewêreld. Anders gestel word die buitewêreld in die binnewêreld gerekonstrueer. Die buitewêreld word deur die perceptuele, kognitiewe, emotiewe, self en disposisionele sisteme van die individu ervaar (Jordaan & Jordaan 1984:303-677). Daarom is die individu (naamlik die jong volwassene) as lid van 'n bepaalde etniese groep 'n belangrike onderskrywer en draer van waardes.